DIE BETROKKENHEID VAN PA'S IN SEUNS SE LEWENS: PERSEPSIES VAN SEUNS

JOHANNES MARTHINUS DE WET BODENSTEIN

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof A.P. Greeff

Maart 2008

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening: ..... Datum: .....

Kopiereg © 2008 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Pa's se betrokkenheid by hulle gesinne word deesdae deur navorsers ondersteun en toenemende navorsing fokus op die betrokkenheid van pa's, en wat pa's moet doen om betrokke by hulle gesinne te wees. Die doel van hierdie ondersoek was om begrip te kry van seuns se persepsies van pa's se betrokkenheid in seuns se lewens.

Die deelnemers was graad 7- en 8-seuns wie se ouers getroud is en albei saam met hulle in die huis bly. Die data van hierdie eksploratiewe, kwalitatiewe ondersoek is deur middel van fokusgroep-besprekings ingesamel. Die 18 deelnemers wat aan die insluitingskriteria voldoen het, is op 'n toevallige wyse aan drie fokusgroepe van ses deelnemers elk toegedeel. 'n Oop vraag is aan die groepe gevra en die gesprekke is op 'n oudio-opnemer opgeneem. Nadat die groepbesprekings getranskribeer is, is dit op die Atlas.ti-program gelaai vir die ontleding van die data. Met behulp van hierdie ontledingstegniek is verbandhoudende aspekte (genoem 'kodes', wat gevorm word deur verbandhoudende aanhalings deur die deelnemers) gegroepeer om families (van kodes) te vorm.

Op grond van Lamb, Pleck, Charnov en Levine (1987) se beskrywing van pa-betrokkenheid en die kwalitatiewe data-ontleding kon inhoud gegee word aan die families *verantwoordelikheid*, *toeganklikheid* en *toenadering*. Die familie *verantwoordelikheid*, wat enige aktiwiteite van die pa met betrekking tot die kind se direkte sorg of reëlings in verband met die versorging van die kind insluit, is die grootste familie in terme van aantal kodes en aanhalings. Die opvallendste kode in hierdie familie, in terme van die hoeveelheid aanhalings in vergelyking met die ander kodes, is om te voorsien. Daarna het die kodes dissipline, reghelp en beskerm gevolg. Die tweede grootste familie is *toeganklikheid* en behels die pa se teenwoordigheid by sy seun, asook sy beskikbaarheid vir sy seun. Die belangrikste kodes in hierdie familie is praat, om daar te wees vir die kind, en aandag aan die kind te gee. Die derde

familie, *toenadering,* sluit in enige ervarings van omgee, direkte kontak en interaksie tussen die pa en sy seun. Die belangrikste kodes wat in hierdie familie na vore gekom het, is liefde demonstreer en drukkies gee.

Die spesifieke inhoude wat gegee is aan die drie komponente van pa-betrokkenheid kan met vrug aangewend word in die ontwikkeling en aanbieding van ouerleidingsprogramme.

ABSTRACT

In recent years, the issue of fathers' involvement with their families has increasingly gained support and currently more research focuses on fathers' involvement and what fathers must do to become more involved with their families. The aim of this study was to gain insight into boys' perception of fathers' involvement in the lives of boys.

The participants were boys in Grade 7 and 8 whose parents are married and who both live in the same house with them. The data of this explorative, qualitative study were gathered by means of focus group discussions. The 18 participants who complied with the inclusion criteria were randomly divided into three focus groups of six participants each. The groups were asked an open question and the discussion was audio-recorded. The group discussions were transcribed, after which the data were loaded onto the Atlas.ti program for analysis. In this analysis technique, related aspects (termed 'codes', which are formed by related quotations by participants) are grouped to form families (of codes).

Based on the description by Lamb, Pleck, Charnov and Levine (1987) of fathers' involvement and the qualitative data analysis, content could be given to the families *responsibility*, *accessibility* and *engagement*. The family *responsibility*, which includes any activities of the father regarding the child's direct care or arrangements regarding the care of the child, is the largest family in terms of number of codes and quotations. The most prominent code in this family in terms of number of quotations compared to the other codes, is to provide. This is followed by the codes discipline, set right and protect. *Accessibility* is the second largest family and entails the father being present as well as his availability to his son. The most important codes in this family are talking, to be there for the child and to pay attention to the child. The third family, *engagement*, includes the experience of caring, direct contact and

interaction between the father and his son. The most important codes that emerged in this family are to demonstrate love and to hug.

The specific content given to the three components of fathers' involvement can be applied with success in the development and presentation of parent guidance programmes.

DANKBETUIGING

Ek wil graag die volgende persone bedank wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie tesis. Sonder julle hulp en bystand sou dit nie vir my moontlik gewees het om hierdie taak te verrig nie:

Prof A.P. Greeff, my studieleier, vir sy leiding, geduld en geloof in my.

Me M.C. le Roux, vir haar ondersteuning en raad.

Laetitia Bedeker, vir die taalversorging van hierdie tesis.

Mnre. R.B. Frans, C. Fredericks en J.J. Heyns, en mee. G. Bonze, J. Cyster en J.J. du Toit, vir hulle vriendelikheid en bereidwilligheid om altyd te help.

Deelnemers van hierdie ondersoek, vir hulle deelname en eerlikheid in die beantwoording van vrae.

My ouers, broer en suster, asook die res van my familie, vir hulle deurlopende belangstelling en motivering.

My vriende, veral Jannes, J.C. en Louwrens, vir hulle begrip in moeilike tye.

My Hemelse Vader, vir Sy genade.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ii

OPSOMMING iii

ABSTRACT v

DANKBETUIGING vii

INHOUDSOPGAWE viii

LYS VAN TABELLE xiii

LYS VAN FIGURE xiv

HOOFSTUK 1 1

INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING 1

1.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK 2

1.3 DOELSTELLING EN NAVORSINGSVRAAG 3

1.4 UITLEG VAN TESIS 3

1.5 SAMEVATTING 4

HOOFSTUK 2 5

TEORETIESE GRONDSLAE

2.1 INLEIDING 5

2.2 BETROKKENHEID VAN PA'S 6

2.3 PERSPEKTIEWE VAN PA-SKAP 7

2.3.1 Historiese perspektief 7

2.3.2 Ekologiese perspektief 7

2.3.3 Sosiologiese perspektief 9

2.3.4 Generatiewe pa-skap 10

2.3.5 Feministiese perspektief 11

2.3.6 Pa-identiteit 12

2.4 GESLAGSROLIDENTITEIT 13

2.4.1 Psigoanalitiese perspektief 13

2.4.2 Sosiale leerteorie 15

2.4.3 Kognitiewe ontwikkelingsteorie 18

2.4.4 Geslagskema's 21

2.5 SAMEVATTING 23

HOOFSTUK 3 25

LITERATUUROORSIG

3.1 INLEIDING 25

3.2 PA'S EN SEUNS 26

3.3 NAVORSING OOR VERSKILLENDE PERSEPSIES VAN PA-BETROKKENHEID 28

3.3.1 Persepsies van pa's 28

3.3.2 Persepsies van ma's 31

3.3.3 Persepsies van kinders 32

3.3.4 Algemene persepsies van pa-betrokkenheid 33

3.4 SAMEVATTING 34

HOOFSTUK 4 36

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING 36

4.2 NAVORSINGSONTWERP 36

4.2.1 Fokusgroepe 37

4.3 DEELNEMERS 39

4.4 ETIESE ASPEKTE 40

4.5 PROSEDURES 40

4.6 DATA-ONTLEDING 42

4.7 SAMEVATTING 45

HOOFSTUK 5 46

RESULTATE

5.1 INLEIDING 46

5.2 FAMILIES 46

5.2.1 Familie 1: Verantwoordelikheid 47

5.2.2 Familie 2: Toeganklikheid 51

5.2.3 Familie 3: Toenadering 54

5.3 WAT PA'S NIE MOET DOEN NIE 57

5.4 SAMEVATTING 58

HOOFSTUK 6 60

BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING 60

6.2 FAMILIES 60

6.2.1 Familie 1: Verantwoordelikheid 60

6.2.2 Familie 2: Teoganklikheid 65

6.2.3 Familie 3: Toenadering 67

6.3 WAT PA'S NIE MOET DOEN NIE 69

6.4 TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS 70

6.5 GEVOLGTREKKING 72

VERWYSINGSLYS 73

BYLAE 1 85

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 - *Teoretiese Modelle van Geslagsidentiteit Ontwikkeling: Volgorde van Gebeure* 23

Tabel 5.1 - *Beskrywing van Simbole* 47

LYS VAN FIGURE

Figuur 5.1 - Kodes van die familie *verantwoordelikheid* 48

Figuur 5.2 - Kodes van die familie *toeganklikheid* 52

Figuur 5.3 - Kodes van die familie *toenadering* 55

Figuur 5.4 - Kodes van die bykomende familie *Wat pa's nie moet doen nie* 57

HOOFSTUK 1

INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding

Pa-betrokkenheid is ’n konsep wat oor die jare verander het. Pa’s is aanvanklik hoofsaaklik as finansiële voorsieners beskou, wat betrokkenheid by hulle gesinne grootliks geïgnoreer het. Deesdae word pa’s se betrokkenheid ondersteun en al hoe meer navorsing fokus op die betrokkenheid van pa’s, en wat pa’s moet doen om betrokke by hulle gesinne te wees (Coltrane, 1996; LaRossa, 1988; Marsiglio, Amato, Day & Lamb, 2000; Pleck, 1997). Lamb, Pleck, Charnov en Levine (1987) verduidelik pa-betrokkenheid aan die hand van drie komponente, naamlik verantwoordelikheid, toeganklikheid en toenadering. Hierdie komponente is ’n gewilde beskrywing van pa-betrokkenheid wat dikwels in die literatuur voorkom.

Hierdie studie is ’n ondersoek oor seuns se persepsies van die betrokkenheid van pa’s in seuns se lewens. Seuns in graad 7 en 8 van ’n laerskool in ’n plattelandse omgewing in die Wes-Kaap is geïdentifiseer om aan die ondersoek deel te neem. Die 18 deelnemers is in drie fokusgroepe verdeel, waarna ’n oop vraag aan elke groep gevra is. Die gesprekke is op band opgeneem, getranskribeer en op ’n Atlas.ti (2007)-program, wat spesiaal ontwerp is om kwalitatiewe data te ontleed, gelaai. Kodes, wat die groepering van verbandhoudende aanhalings uit die transkripte behels, is geskep. Daarna is families gevorm deur die groepering van kodes wat met mekaar verband hou. Die resultate van hierdie ondersoek is ook met vorige navorsing en bevindinge vergelyk.

In hierdie hoofstuk word ’n motivering vir die ondersoek verskaf. Die doelstelling van die ondersoek word ook bespreek en die navorsingsvraag word geformuleer. ’n Uitleg van die tesis word aan die einde van hierdie hoofstuk verskaf.

1.2 Motivering vir die ondersoek

Die betrokkenheid van pa’s by hulle kinders is ’n onderwerp wat deesdae toenemend aandag kry (Lamb, 2000). ’n Meer betrokke en versorgende pa teenoor sy kind blyk tans die ideaal te wees (La Rossa, 1988). Verskeie ondersoeke waarby veral pa’s, ma’s en ook die breë publiek betrek is, is reeds gedoen om vas te stel wat die verantwoordelikhede en rolle van pa’s in hul gesinne behoort te wees (Beitel & Parke, 1998; Bryan & Ajo, 1992; Halle, 2002; Hamer, 1997; Parke, 1996; Walker & McGraw, 2000). Verskeie teorieë beklemtoon ook die belangrikheid van pa’s in die ontwikkeling van geslagsrolidentiteit van veral seuns (Basow, 1992; Beal, 1994). Geen navorsing is egter gevind waar daar spesifiek op die kinders se persepsies gefokus is om uit te vind hoe betrokke hulle dink ’n pa behoort te wees nie, en wat ’n pa moet doen om as “betrokke genoeg” beskou te word. Parke (2002) meen dat die beskikbare navorsing oor persepsies van die rol van die pa beperk is. Navorsing oor pa-betrokkenheid is in die beginfase, en baie moet nog geleer word oor die eienskappe en invloed van hierdie fenomeen (Lamb, 1997; Zimmerman, Salem & Notaro, 2000). Scharfe (2003) postuleer ook dat daar ’n gebrek aan literatuur is oor die wyse waarop pa’s met hulle kinders omgaan.

In hierdie ondersoek word graad 7- en 8-seuns se persepsies van die betrokkenheid van pa’s in seuns se lewens geëvalueer, en hoe betrokke hulle dink pa’s by seuns behoort te wees. Bevindinge van hierdie ondersoek sal ’n leemte in die literatuur oor hierdie onderwerp vul. Die bevindinge sal ook konstruktief in die betrokke gemeenskap, waar die ondersoek gedoen is, aangewend kan word, aangesien hierdie gemeenskap ’n lae sosio-ekonomiese status het, en

pa-afwesigheid veral in hierdie soort gemeenskappe voorkom (Coley & Chase-Lansdale, 1999; Cooksey & Craig, 1998; Landale & Oropesa, 2001; Rangarajan & Gleason, 1998). Organisasies binne hierdie gemeenskap kan die inligting gebruik om programme te ontwikkel om pa's aan te moedig om meer betrokke in hul seuns se lewens te word.

1.3 Doelstelling en navorsingsvraag

Die belangrikste deel van enige navorsing of studie is die navorsingsvraag (Friedman, 1998). In hierdie studie is graad 7- en 8-seuns geïdentifiseer om hulle persepsies van die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te ondersoek, en hoe betrokke hulle dink pa's in seuns se lewens moet wees. Die deelnemers is in fokusgroepe verdeel. Deur middel van 'n oop vraag aan elke groep is persepsies van pa-betrokkenheid geïdentifiseer. Die navorsingsvraag is dus as volg: Wat is die persepsies van graad 7- en 8-seuns oor die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens?

1.4 Uitleg van tesis

Hoofstuk 1 word gevolg deur die teoretiese grondslag van pa-betrokkenheid. Verskeie teorieë en perspektiewe oor pa-betrokkenheid word in hoofstuk 2 verskaf, wat 'n historiese perspektief, ekologiese perspektief, sosiologiese perspektief, generatiewe pa-skap, feministiese perspektief, en identiteitsteorie insluit. Geslagsontwikkeling word daarna bespreek aan die hand van vier teorieë, naamlik die psigoanalitiese teorie, die sosiale leerteorie, die kognitiewe ontwikkelingsteorie, en die geslagskema teorie. Bydraes tot die definiëring van pa-betrokkenheid word ook in hierdie hoofstuk verskaf.

Hoofstuk 3 behels 'n literatuuroorsig van pa-betrokkenheid, en vorige navorsing oor pa-skap word bespreek. Daar word gekyk na verskillende persepsies van pa-betrokkenheid, asook die belangrikheid van pa's in seuns se lewens.

In hoofstuk 4 word die navorsingsontwerp, die deelnemers van die fokusgroepe, die etiese aspekte verbonde, die prosedures wat gevolg is, asook die metode van data-ontleding behandel.

Die resultate van die ondersoek word in hoofstuk 5 uiteengesit. ’n Uiteensetting van die drie families, elk met hul onderskeie kodes en aanhalings, word in hierdie hoofstuk ingesluit.

In hoofstuk 6 word die resultate van die ondersoek bespreek en met vorige navorsing vergelyk. Tekortkominge en aanbevelings word verskaf, waarna ’n gevolgtrekking gemaak word.

1.5 Samevatting

Dit is duidelik dat die kwessie van pa’s se betrokkenheid by hulle seuns nog baie aandag moet geniet. Oor die afgelope paar dekades het sienings oor pa-betrokkenheid verander, en ’n betrokke pa word deesdae belangrik beskou en meer ondersteun as vroeër (LaRossa, 1988). Navorsing oor hierdie aspek moet dus op ’n volgehoue grondslag plaasvind weens die voortdurende verandering van beskouinge van pa-betrokkenheid asook die belangrikheid van die pa in sy gesin. Hierdie studie, wat seuns se persepsies van die betrokkenheid van pa’s in seuns se lewens ondersoek, is op ’n duidelike doelstelling gegrond en lewer ’n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van programme oor pa-skap. Dit dra ook by tot die literatuur oor die belangrikheid van pa-betrokkenheid, asook beskouinge van seuns oor pa-betrokkenheid.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE GRONDSLAE

2.1 Inleiding

Pa-skap is nie ’n vaste konsep nie, en verander met verloop van tyd, in verskillende kontekste, en binne huishoudings. Navorsing wat die aktiwiteite van pa-skap insluit, het die term “pa-betrokkenheid” begin gebruik. In die middel 20ste eeu is navorsing oor pa-skap vanuit ’n perspektief beskou waar pa’s afwesig is, en wat pa-betrokkenheid tot ’n groot mate geïgnoreer het (Pleck, 1997). In die afgelope paar jaar is hierdie perspektief gekritiseer omdat belangrike aspekte van pa-skap ontbreek, soos die invloed van ’n pa op sy kind se opvoeding, take binne en buite die huis, en ondersteuning van die moeder se rol (Hawkins & Palkovitz, 1999; Palkovitz, 1997; Pleck & Stueve, 2001). Oor die algemeen is navorsing oor pa-skap gekritiseer op grond van ’n gebrek aan teoretiese ondersteuning. Dit het tot gevolg gehad dat pa-skap nie deeglik gekonseptualiseer is en gemeet kon word nie (Snarney, 1997).

In hierdie hoofstuk word belangrike bydraes tot die definiëring van pa-betrokkenheid bespreek, asook funksies wat met pa-skap gepaard gaan. Daarna word ’n beskrywing gegee van hoe die rol van pa’s oor die jare verander het, en verskillende teorieë oor die betrokkenheid van pa’s by hulle kinders word bespreek. Volgens die psigoanalitiese perspektief speel pa’s ’n belangrike rol in spesifiek seuns se lewens vir die ontwikkeling van seuns se geslagsrolidentiteite (Beal, 1994). In die laaste afdeling van hierdie hoofstuk word verskillende teorieë oor die ontwikkeling van geslagsrolidentiteite bespreek.

2.2 Betrokkenheid van pa's

In die afgelope paar dekades het 'n klemverskuiwing na die versorgende, betrokke pa plaasgevind (Bruce & Fox, 1999; Dollahite & Hawkins, 1998; Palkovitz, 1997). Verskeie navorsers het reeds belangrike bydraes tot hierdie fokus gemaak. Lamb et al. (1987) meen dat die betrokkenheid van pa's drie komponente insluit, naamlik:

- Verantwoordelikheid: die pa se handelinge rakende sy kind se direkte sorg.
- Toeganklikheid: die pa se teenwoordigheid by sy kind, asook beskikbaarheid vir sy kind.
- Toenadering: ervarings van direkte kontak, omgee en interaksie tussen pa en kind.

Palkovitz (1997) beskryf pa-betrokkenheid as 'n respons op die affektiewe, gedrags- en kognitiewe ontwikkelingsbehoeftes van die res van die gesin. 'n Soortgelyke model word deur Bruce en Fox (1999) geïllustreer en sluit uitvoerende (byvoorbeeld besluitneming), sosio-emosionele (byvoorbeeld interaksie, troos), besorgdheids- (byvoorbeeld voeding, vervoer), en leerverwante (byvoorbeeld lees) funksies in. Dollahite en Hawkins (1998) definieer betrokkenheid as die resultate van die behoeftes van pa's om generatief te wees en om 'n bydrae tot die volgende generasie te maak. Marsiglio, Day en Lamb (2000) sluit verder morele en etiese beskerming, emosionele, praktiese en psigososiale ondersteuning van vroulike eggenote, en ekonomiese voorsiening in.

Lamb et al. (1987) se beskrywing van pa-betrokkenheid word deurgaans in hierdie studie gebruik, aangesien dit betrokkenheid in die kind se lewe beklemtoon.

2.3 Perspektiewe van pa-skap

2.3.1 Historiese perspektief

Die historiese perspektief is ’n merkwaardige benadering tot die begrip en betekenisvorming van die rol van die pa, en verskaf ’n beeld van hoe pa-skap oor die eeue verander het. Marsiglio, Amato et al. (2000, p.1175) beskryf pa-skap as ’n “historically varying social construction”. Hulle verduideliking vir die konsep “historiese buigbaarheid van pa-skap” is dat daar ’n dominante beskouing binne elke historiese era oor doeltreffende pa-skap bestaan. Waar pa’s as die primêre morele leier in koloniale tye gesien is, het sy rol in die middel 20ste eeu na primêre broodwinner verander. Lamb (2000) beskryf ook ’n historiese patroon waar die take van pa’s gedurig verander het, met die belangrikste verantwoordelikheid as ’n “morele leier of gids” vóór die Industriële Revolusie, en broodwinner vanaf die Industriële Revolusie tot die Groot Depressie (Coltrane, 1996; LaRossa, 1988). Die “seksrol-model” was prominent in die 1930’s en 1940’s, totdat die “nuwe versorgende rol van die pa” in die 1970’s invloedryk geword het. Ander navorsers het ook pa-skap vanuit ’n historiese perspektief gesien (Griswold, 1993; Pleck & Pleck, 1997) en was van mening dat pa’s se betrokkenheid hoofsaaklik ’n kulturele produk is. Die afleiding kan dus gemaak word dat die standaarde van wat dit beteken om ’n goeie en doeltreffende pa te wees saam met kultuur verander.

2.3.2 Ekologiese perspektief

Volgens die ekologiese perspektief moet enige ondersoek van pa-betrokkenheid erkenning daaraan gee dat gesinne komplekse sisteme is wat ’n netwerk van oorvleuelende en somtyds kompeterende verhoudings insluit (Whitchurch & Constantine, 1993). Hierdie sisteme word verder deur groter kontekstuele faktore beïnvloed (Hofferth, 2003). Bronfenbrenner (2005) se ekologiese raamwerk is baie toepaslik binne hierdie perspektief op pa-skap. Ekologiese teorie

fokus op hoe die individu met die omgewing in interaksie is om sy/haar ontwikkeling, om gepaste gedrag aan te leer vir verskillende situasies, en om ’n persoonlike waardesisteem op te bou, te beïnvloed. Bronfenbrenner (2005) identifiseer vier fasette wanneer hy menslike ontwikkeling beskryf, en noem hierdie fasette “persoon”, “proses”, “konteks” en “tyd”. Volgens Bronfenbrenner (2005) verwys “persoon” na die individu en sy/haar karaktereienskappe (soos geslag, ras, ouderdom, vorige ervarings). Dit beklemtoon ook die verskille tussen individue in terme van kognisie, soos houdings, menings, en verwagtinge.

- In ekologiese teorie verwys “proses” na die dinamiese interaksie tussen die persoon en die omgewing waarbinne die ontwikkeling plaasvind.
- “Konteks” verwys na vier vlakke van sisteme wat geïdentifiseer is wat ’n invloed op die individu se ontwikkeling het. Hierdie sisteme sluit in: die mikro-sisteem – die onmiddellike omgewing waarin die individu hom-/haarself bevind, soos die huis, skool of werkplek; die meso-sisteem – wanneer interaksie plaasvind tussen twee of meer mikro-sisteme wat die ontwikkelende persoon insluit, soos tussen die huis en werksplek; die ekso-sisteem – kontekste waar die individu nie direk betrokke is nie, maar tog beïnvloed word, soos die massamedia; die makro-sisteem – breë sosiale invloede, soos regerings en kulturele verwagtinge.
- “Tyd” verwys na die ouderdom van die individu en die historiese tydperk waarin die individu hom-/haarself bevind.

Ekologies georiënteerde sielkundiges meen dat versorging deur ’n verskeidenheid faktore bepaal word, en deur die dinamiese interaksie van karaktereienskappe van die ouer, die kind, asook die breër sosiale en kulturele omgewing beïnvloed word (Belsky, 1984). Sosiale/strukturele veranderlikes, soos die pa se huwelikstatus, ouderdom, ras of etniese agtergrond, inkomste, opvoedingsvlak, die hoeveelheid spanning wat hy ervaar en die mate

van ondersteuning wat hy ontvang, het ’n impak op pa’s se benadering tot versorging (Allen, 1985; Okagaki & Divecha, 1993). Dus is dit belangrik dat die omgewing waarin die pa-kind-verhouding afspeel noukeurig bestudeer word wanneer aanbevelings vir optimale pa-skap gemaak word (Lerner & Lerner, 1986).

2.3.3 Sosiologiese perspektief

Die sosiologiese perspektief beskryf pa-skap as ’n sosiale konstruksie wat binne die geslags-, ekonomiese en politieke strukture onderliggend in gesinne ontstaan (Thorne, 1992). Dus varieer pa-skap en is dit nie ’n wesenlike, vaste kategorie nie (Gergen, 2000; Schwandt, 2000). Persepsies en menings wat met pa-skap geassosieer word, verander met verloop van tyd en verskil in verskillende kontekste. Marsiglio en Cohan (2000) is van mening dat, met die inagneming van kritieke sosiale kwessies soos geslag, ras, ekonomie, en ander sosiale strukture (soos godsdiens), die sosiologiese perspektief ’n unieke lens skep om pa-skap te bestudeer. Hulle beskou die betrokkenheid van pa’s as ’n aaneenlopende, onderhandelbare proses wat deur ’n reeks sosiaal gekonstrueerde omstandighede wat verskillende boodskappe oor pa-skap ondersteun, gevorm word.

Ondanks die verhoogde fokus op die betrokkenheid van pa’s, erken regeringsbeleide en werkspleknormes nog steeds nie die feit dat die verantwoordelikheid wat pa’s teenoor hul kinders het ver verby dié van blote broodwinner strek nie (Silverstein & Auerbach, 1999). Navorsing toon dat, alhoewel die meeste pa’s sigbaar meer betrokke is by hul kinders se lewens as in vroeër jare (Coltrane, 1996), selfs egpare wat na gelykheid streef na ’n stereotipiese verdeling van werk ná die geboorte van kinders sal terugval (Booth & Crouter, 1998). Dus, selfs al sluit die betekenis van pa-skap stadig maar seker betrokkenheid by kinders in, is die omstandighede waarin hierdie model van pa-skap voorkom steeds onderhewig aan onbekende faktore (Coltrane, 1996).

Die sosiologiese perspektief meen dat die konsep van pa-skap by die sosiale interaksie tussen mans, gesinne, uitgebreide families en groter gemeenskappe te voorskyn kom, en ’n realiteit word namate dit van dag tot dag uitgeleef word (Coltrane, 1996; Doherty, Kouneski & Erickson, 1998). Vanuit ’n sistemiese perspektief kan pa’s nie afsonderlik van ma’s verstaan word nie. Pa-skap word gevorm deur die aanhoudende uitruiling van ervarings tussen mense in hulle lewens tydens onderhandelings, kompetisie, skikkings en reëlings (Minuchin & Fishman, 1981). Hierdie interpersoonlike prosesse, wat deur die sosiale konteks beïnvloed word, is gewoonlik onsigbaar vir die deelnemers aangesien dit oor die algemeen as irrelevant en vanselfsprekend aanvaar word (Berger & Kellner, 1964).

2.3.4 Generatiewe pa-skap

Generatiewe pa-skap het ontstaan uit Erik Erikson se werk, wat handel oor die verskillende uitdagings waarmee mense te doen kry in hulle ontwikkeling tot volwassenheid (Dollahite & Hawkins, 1998). Hy het agt stadiums geïdentifiseer waarin individue ’n dreigende psigososiale krisis moet oplos. Hierdie stadiums sluit in: basiese vertroue versus wantroue; outonomie versus skaamte en twyfel; inisiatief versus skuld; industrie versus minderwaardigheid; identiteit versus rolverwarring; intimiteit versus isolasie; generatiwiteit versus stagnasie; en ego-integriteit versus wanhoop.

Die sewende stadium, generatiwiteit versus stagnasie, is die ontwikkelingstadium waarbinne navorsing oor pa-skap geskied. Individue in hierdie ontwikkelingstadium ervaar ’n dringende behoefte om iets vir die volgende generasie terug te gee, gewoonlik deur versorgende ouerskap of grootouerskap, anders ervaar hulle ’n gevoel van stagnasie en mislukking (Hawkins & Dollahite, 1997; Snarney, 1993). Die teoretiese implikasies vir pa’s wat ontwikkelingstake in hulle lewens afhandel (soos die hantering van uitdagings soos wat dit tydens die verskillende ontwikkelingsfases voorkom), is dat hulle ’n verhoogde kapasiteit

ontwikkel om vir ander (oorspronklik kinders), buiten hulle eie self (identiteit, die vyfde stadium) en hul eggenote (intimiteit, die sesde stadium), om te gee. Hierdie kapasiteit neem mettertyd toe en sluit later die hele mensdom in (integriteit, die agtste stadium) (Hawkins & Dollahite, 1997).

Generatiewe ontwikkeling is voordelig vir sowel pa's as kinders (Hawkins & Dollahite, 1997). Pa's bou 'n verhoogde kapasiteit op om te sorg en vir ander lief te wees, wat tot 'n gevoel van vervulling in hulle persoonlike lewens lei wat nie op enige ander wyse bereik kan word nie. Pa's wat hierdie inherente psigososiale behoefte, om generatief te wees en om aan die volgende generasie terug te gee, bevredig, sal die laaste ontwikkelingstadium van die lewe, naamlik integriteit versus wanhoop, suksesvol hanteer wanneer hulle oor die betekenisvolheid van hulle lewens besin. As pa's onsuksesvol is om 'n generatiewe etiek te ontwikkel, sal hulle sukkel om betekenis in hulle lewens te vind, en 'n gevoel van wanhoop ervaar (Hawkins & Dollahite, 1997).

Die konseptuele etiek onderliggend aan generatiewe pa-skap is dat mans bekwaamhede en verantwoordelikhede het, en 'n roeping het om pa's te wees en om verhoudings te bou deur om te gee en te versorg (Hawkins & Dollahite, 1997). Dit beweeg verby die ontoereikende beeld en tekortkominge van pa's wat deur vorige perspektiewe uitgelig en beklemtoon is. Generatiewe pa-skap beklemtoon mans se potensiaal as voorsieners en versorgers, eerder as hul tekortkominge. Dit fokus op pa's wat aan hul kinders se behoeftes gehoor gee deur die nakoming van verhoudings-, etiese, ontwikkelings-, ontspannings-, spirituele-, mentorskap- en ekonomiese pligte. Hierdie behoeftes van die kind ontstaan uit sy-/haar interpersoonlike en emosionele afhanklikheid van sy/haar pa en moedig 'n gesonde en gehegte verbintenis tussen hulle aan (Brotherson, Dollahite & Hawkins, 2004).

2.3.5 Feministiese perspektief

Feministe het die ideologie wat ’n onveranderde beskouing van pa-skap ondersteun, bevraagteken (Thorne, 1992). Hulle wou die prosesse wat spesifieke gesinstrukture ondersteun, uitlig, die rolle wat beskikbaar is vir sowel mans as vrouens beperk, en het die identifikasie van ’n meer betrokke, minder dominerende model van pa-skap geëis (Silverstein & Rashbaum, 1994).

Feministiese studies van die gesinslewe fokus op die ongelyke verspreiding van las en beloning binne die gesin. Verskeie navorsers postuleer dat vroue steeds verantwoordelik is vir die meerderheid van kinderversorging en huiswerk, selfs in gevalle waar hierdie vroue buite die huis ook werk (Coltrane, 1996). Hierdie studies beklemtoon die belangrikheid van persepsies van gelykheid en regverdigheid binne die gesin (Coltrane, 1996).

2.3.6 Pa-identiteit

Volgens die identiteitsteorie word ’n persoon se identiteit as ’n kombinasie van objektiewe sosiale verwagtinge en subjektiewe persoonlike betekenisse beskryf wat hy/sy aan hom-/haarself in ’n sekere posisie toeskryf, byvoorbeeld ’n pa of ’n eggenoot (Cast, 2003). Dus hang pa-betrokkenheid grootliks van pa’s se persepsies van hulle rolle af en hoe belangrik en betekenisvol dit vir hulle is (Pleck & Stueve, 2004). In navorsing oor ouerskap is gevind dat daar ’n positiewe korrelasie bestaan tussen pa-betrokkenheid en ’n sterk gevoel oor jou ouerlike rol-identiteit (Stone & McKenry, 1998). Omdat pa’s se rol-identiteit deur verskillende persepsies, menings en verwagtinge aangaande hierdie rol gevorm word (Henley & Pasley, 2005), word die identiteitsteorie dikwels gebruik om pa’s se persepsies van hulle rolle te ondersoek. Stryker (1987) definieer identiteite as ’n interne stel rolverwagtinge, en sê dat ’n persoon soveel identiteite het as die hoeveelheid rolle wat hy/sy vervul.

LaRossa en Reitzes (1993) sê insgelyks dat identiteit na die persoon se betekenis van sy/haar rol verwys. Individue se gedrag stem ooreen met hulle interne verwagtinge, wat met hulle identiteite wat hoër in hulle identiteit-hiërargie is, geassosieer word. ’n Belangrike konseptuele en metodologiese aspek van identiteitsteorieë is die definiëring van ’n individu se identiteit-hiërargie. Stryker en Serpe (1994) stel voor dat die belangrikheid van ’n gegewe identiteit in ’n individu se identiteit-hiërargie deur die waarskynlikheid dat daardie gegewe identiteit in ’n spesifieke situasie of in verskeie situasies sal voorkom, gedefinieer word.

2.4 Geslagsrolidentiteit

Geslag is ’n sielkundige en kulturele term, en verwys na ’n individu se persoonlike gevoelens teenoor manlikheid of vroulikheid (geslagsidentiteit). Geslag kan ook verwys na die samelewing se evaluering van gedrag as manlik of as vroulik (geslagsrol), en sluit die maniere hoe mense aantrek en optree, werk, take binne sy/haar gesin verrig, vaardighede en sosiale gedrag in. Die mate waartoe ’n individu met die samelewing se definisie van manlikheid of vroulikheid identifiseer, staan as geslagsrolidentiteit bekend (Baron & Byrne, 2003; Basow, 1992). ’n Deel van jong kinders se ontwikkelingstake is om te leer hoe om manlik of vroulik te wees en om die verwagte gedrag van hul geslag te bemeester (Beal, 1994). In die volgende afdeling word vier sielkundige teorieë van die ontwikkeling van geslagsrolidentiteit bespreek, naamlik psigoanalitiese perspektief, sosiale leerteorie, kognitiewe ontwikkelingsteorie en geslagskemas.

2.4.1 Psigoanalitiese perspektief

Volgens Freud se psigoanalitiese teorie word elke mens se persoonlikheid verdeel in die *id*, die *ego* en die *superego* (Hergenhaun & Olson, 2003). Die *id*, wat slegs op die onbewustelike vlak van persoonlikheid bestaan, is die deel van die menslike organisme wat deur die

plesierbeginsel beheer word. Die *id*, die deel van persoonlikheid wat met die instinkte van diere vergelyk word, kan nie die spanning van die liggaamlike behoeftes (soos behoeftes aan kos, seks en water) hanteer nie, en eis dus onmiddellike verwydering van hierdie spanning. Die *ego* ontwikkel om die *id* se behoeftes te bevredig en bring dus die persoon in kontak met ervarings in die fisiese wêreld om hierdie behoeftes te bevredig. Die *ego* word deur die realiteitsbeginsel beheer. Wanneer die persoon honger is, vind die *ego* kos; wanneer die persoon seksueel opgewek is, vind die *ego* gepaste seksuele voorwerpe; en wanneer die persoon dors is, vind die *ego* vloeistof. As die enigste twee komponente van persoonlikheid die *id* en die *ego* was, sou ons ’n dierlike persoon aangetref het wat in noodtoestande onmiddellike bevrediging (*id*) deur gepaste omgewingsvoorwerpe (*ego*) soek.

Die *superego* word beskryf as die morele gedeelte van persoonlikheid, en wanneer hierdie komponent ontwikkel word persoonlikheid meer gekompliseerd (Hergenhaun & Olson, 2003). Freud het voorgestel dat kinders deur die identifisering met die ouer van dieselfde geslag leer om manlik of vroulik te wees. Dit beteken dat die kind sy/haar pa of ma as rolmodel aanneem, die ouer naboots en sy/haar waardes internaliseer, en in alle opsigte soos hy/sy probeer wees. As gevolg van die identifisering met die ouer van dieselfde geslag ontwikkel die kind ’n *superego* om sy/haar gedrag te help rig (Beal, 1994).

Volgens Freud ontstaan die motivering om met die ouer van dieselfde geslag te identifiseer uit kinders se behoeftes om die *Oedipus-kompleks* te hanteer (Hergenhaun & Olson, 2003). Hierdie kompleks begin by die ontdekking dat seuns ’n penis het en dogters nie. Die seun se vrees om deur sy pa gekastreer te word, veroorsaak dat hy sy hegte band met sy ma opgee, en sy pa as rolmodel aanneem. Aan die ander kant word die dogter afgunstig, probeer eers om ’n penis te kry deur haar pa se klein dogtertjie te word, en aanvaar dan uiteindelik haar ma as rolmodel (Hergenhaun & Olson, 2003). ’n Seun se vrees om sy penis te verloor is glo sterker

as ’n dogter se afguns, aangesien dogters reeds hul penisse verloor het (Hergenhaun & Olson, 2003). Gevolglik word seuns se geslagsidentiteit sterker as dogters s’n geag (Beal, 1994). Volgens Freud is die identifisering met dieselfde geslag essensieel vir doeltreffende aanpassingsvermoë en om manlike en vroulike persoonlikhede te ontwikkel (Basow, 1992).

In sy teorie van psigoseksuele stadia beklemtoon Freud die belangrikheid van die skeiding tussen die seun en sy ma ten einde met sy pa te identifiseer en ’n gesonde persoonlikheid te ontwikkel. Hy het voorspel dat as die emosionele band tussen ma en seun te ekstreem is, of as die pa afwesig is en nie die vrees vir kastrasie kan uitoefen nie, sal die seun dit moeilik vind om sy onafhanklikheid te vestig (Beal, 1994). Ander navorsers ondersteun hierdie mening (Blazina, 2001a; Jacobvitz & Sroufe, 1987; Sroufe & Ward, 1980).

Freud se teorie van geslagsrolontwikkeling het belangrike deure in die veld van sielkunde oopgemaak, maar daar was egter verskeie tekortkominge in sy teorie. Dit voldoen nie aan die vereistes van die kriteria vir ’n wetenskaplike teorie nie, en bewyse vir talle van sy afleidings ontbreek (Beal, 1994; Hergenhaun & Olson, 2003).

Vervolgens word ander teorieë oor die ontwikkeling van kinders se geslagsrolidentiteite bespreek.

2.4.2 Sosiale leerteorie

’n Teorie wat sterk teenoor die psigoanalitiese benadering staan, is die sosiale leerteorie. In plaas daarvan om geslagsidentiteit as ’n onbewuste, gedeeltelik biologies gegronde ontwikkeling te sien, sien die sosiale leerteorie geslagsidentiteit as ’n produk van verskeie vorme van leer (Baron & Byrne, 2003).

Hierdie teorie beklemtoon die belangrikheid van die omgewing in ’n kind se geslagsontwikkeling. Die kind leer sy/haar rolle direk deur leerbeginsels soos versterking, straf, en die verskillende maniere waarop hy/sy hanteer word, asook indirek deur observasieleer en modellering (Miltenberger, 2004). Sekere optredes vir die spesifieke geslag word versterk, waar onvanpaste gedrag deur seuns of dogters gestraf of net nie beloon word nie. Dogters is byvoorbeeld geneig om meer hulle gevoelens met ander te deel en openlik te wees teenoor ander mense as wat seuns doen (Basow, 1992; Miltenberger, 2004). Verder, omdat magtige, invloedryke en versorgende modelle gewoonlik nageboots word (Bandura, 1969), is kinders geneig om hulle ouer van dieselfde geslag na te boots, en dus gedrag wat vanpas is deur observasie van hulle eie geslag aan te leer (Blazina, 2001a).

Die sosiale leerteorie voorspel dat kinders van enkelouer-gesinne minder gestereotipeer sal wees, aangesien die aanwesige ouer ’n meer androgene rolmodel verskaf. ’n Enkelouer-ma sal byvoorbeeld meer geneig wees om die olie van die motor te vervang as ’n ma wat deel is van ’n twee-ouer-gesin waarin die take volgens geslag verdeel is (Beal, 1994). Omdat pa’s ’n belangrike rolmodel vir seuns is, sal die invloed van ’n afwesige pa groter op seuns as op dogters wees. Navorsing toon dat die afwesigheid van pa’s voor seuns vier of vyf jaar oud is, daartoe lei dat seuns minder aggressief is en minder geneig is om aan rowwe of tipiese manlike spel deel te neem (Beal, 1994).

Pa’s verskaf ’n manlike selfkontrole-model, en volgens die sosiale leerteorie vereis die manlike geslagsrol assertiwiteit en selfkontrole, wat moeilik is om aan te leer (Baron & Byrne, 2003). ’n Seun moet byvoorbeeld leer om homself in sekere situasies te kan verdedig, maar hy moet ook weet hoe om saam met ander te werk, byvoorbeeld as deel van ’n span (Baron & Byrne, 2003). Pa’s kan verskeie voorbeelde van die manlike rol uitleef, soos die uitstel van plesier (om elke oggend werk toe te gaan), langtermyndoelstelling (volgende jaar

bou ons die motorhuis), en saamwerk met ander om ’n gemeenskaplike doel te bereik (die kaptein van die span maak die besluite en die spelers voer dit uit). Seuns wat sonder pa’s grootword vind dit moeiliker om gepaste vlakke van selfkontrole te bemeester (Beal, 1994).

Biller (1981) postuleer dat vroeë pa-afwesigheid tot onsekerheid oor manlike identiteit by seuns kan lei, dat hulle dit moeilik vind om hegte verhoudings te vestig, dat hulle ’n sterk afhanklikheid aan ’n manlike portuurgroep ontwikkel, rebels teenoor gesaghebbende volwasse mans optree, en alles wat as vroulik voorkom vermy. Biller (1981) het ook gevind dat bogenoemde gedrag meer by arm seuns wie se pa’s afwesig is, voorkom. Vir hierdie seuns, wat tradisionele sienings van pa-skap het, is dit noodsaaklik om hard voor te kom ten einde deur ‘n manlike portuurgroepe aanvaar te word.

Die sosiale leerteorie verduidelik ook die feit dat seuns sterker ontwyking van vroulike aktiwiteite toon as wat dogters van manlike aktiwiteite toon (Beal, 1994). Dit is omdat versterkings en modelle sterker boodskappe aan seuns uitstuur oor die koste daaraan verbonde wanneer vroulike gedrag deur seuns aangeneem word (Baron & Byrne, 2003).

Sowel die psigoanalitiese as die sosiale leerteorie is dit eens dat geslagsrolle in die kinderjare aangeleer word en dat die ouer van dieselfde geslag belangrik is as ’n rolmodel (Blazina, 2001a). Hierdie teorieë verskil egter ten opsigte van die kind se leerprosesse tydens die ontwikkeling van geslagsrolle (Beal, 1994). Waar Freud se teorie voorhou dat die kind die primêre aanhitser van leer is en gemotiveer word om die ouer van dieselfde geslag as sy/haar rolmodel aan te neem ten einde die Oedipus-kompleks te hanteer, plaas die sosiale leerteorie klem op die rol wat die omgewing op die ontwikkeling van die kind speel. Motivering om te leer is dus volgens die sosiale leerteorie meer van buite die kind afkomstig (Basow, 1992; Beal, 1994).

2.4.3 Kognitiewe ontwikkelingsteorie

Die teorie van kognitiewe ontwikkeling beklemtoon die rol van die kind in sy/haar eie sosialisering (Beal, 1994). Kinders gaan deur verskillende fases in hulle kognitiewe ontwikkeling. Eers sien hulle die wêreld vanuit die perspektief van hulle sensories-motoriese vaardighede, soos om te kruip en te suig. Daarna leer hulle hoe om die wêreld te kategoriseer. Later is hulle in staat om konkrete funksies uit te voer, deur sowel die hoogte as die breedte in ag te neem ten einde die grootte van ’n voorwerp te bepaal. Uiteindelik beskik hulle oor die vaardighede om abstrakte denke uit te voer (Berger, 2006).

Volgens die kognitiewe ontwikkelingsteorie is die manier waarop kinders hul geslagsrolle leer ’n funksie van die fase van hulle begrip van die wêreld (Basow, 1992). Voor die ouderdom van vier tot sewe jaar kan kinders nog nie die begrip van fisiese konstantheid verstaan nie, byvoorbeeld dat water wat van ’n smal glas na ’n breë glas oorgegooi word, steeds dieselfde hoeveelheid bly nie. Volgens hierdie teorie kan kinders nie voor die ouderdom van vyf jaar ’n ferm geslagsidentiteit hê nie (Berger, 2006). Ná hierdie ouderdom word selfkategorisering volgens geslag (om jouself as ’n seun of ’n dogter te takseer) egter ’n georganiseerde fokus van toekomstige gedrag. Kinders begin om hoër waarde te heg aan gedrag deur dieselfde geslag en gee minder aandag aan gedrag van die teenoorgestelde geslag. Hulle soek voortdurend modelle en situasies wat ooreenstem met hierdie kategorisering; dus, nadat hulle agter gekom het wat hulle is (manlik of vroulik), probeer kinders uitvind wat mense soos hulle doen (Berger, 2006). Volgens die kognitiewe ontwikkelingsteorie is dit op hierdie stadium, wanneer geslagsidentiteit reeds gevorm is, dat kinders moontlik met die ouer van dieselfde geslag sal identifiseer. Hierdie identifikasie met die ouer van dieselfde geslag is egter nie ’n voorvereiste in die kognitiewe ontwikkelingsteorie nie, deurdat kinders inligting,

oor gepaste geslagsrolle van verskeie ander bronne, soos die televisie, portuurgroepe, ander volwassenes en stories, kry (Basow, 1992).

Sowel die kognitiewe ontwikkelingsteorie as die psigoanalitiese teorie beklemtoon die belangrikheid van biologiese kennis as ’n sleutelkomponent in die leer van geslagsrolle. Die kognitiewe ontwikkelingsteorie meen dat wanneer kinders hul geslag geïdentifiseer het, hulle gemotiveerd raak om volgens die verwagtinge van die spesifieke geslag op te tree. Die psigoanalitiese perspektief beklemtoon ook kinders se begrip van die verskille in anatomie tussen geslagte, en hulle rol in die Oedipus-kompleks. Jong kinders besef moontlik dat mense fisies verskil, maar is nog nie kognitief in staat om hierdie verskille met hulle optrede te vergelyk nie. Eweneens meen Freud dat jong kinders bewus kan wees dat geslagte anatomies verskil, maar dat hierdie insig eers tydens die fase van die Oedipus-kompleks ware impak sal hê (Beal, 1994).

Die kognitiewe ontwikkelingsteorie en die psigoanalitiese teorie verskil egter deurdat Freud geglo het dat die ontdekking van die anatomiese verskille tussen geslagte die kind se sielkundige krisis vererger, en so ontwikkeling verder forseer (Beal, 1994). Die kognitiewe perspektief is dat kinders reeds baie van geslagsrolle leer voordat hulle biologiese ooreenkomste verstaan, en dat kinders se bewustheid van fisiese verskille tussen geslagte nie noodwendig met jaloesie by dogters en vrees vir kastrasie by seuns gepaardgaan nie (Basow, 1992; Berger, 2006).

Terwyl die sosiale leerteorie en kognitiewe ontwikkelingsteorie verskillende meganismes beklemtoon – patrone van versterking en observasieleer teenoor geslagsidentiteit en kognitiewe ontwikkelingsfases – aanvaar albei dat kinders se eie konsep van die self as manlik of vroulik belangrik is (Berger, 2006; Miltenberger, 2004). Daar word ook ooreengestem dat kinders op rolmodelle staatmaak as ’n bron van inligting om hulle gedrag te

rig. In die sosiale leerteorie moet kinders in staat wees om hulle eie geslag te vergelyk met die geslag van ’n potensiële rolmodel vir observasieleer om plaas te vind. Dit impliseer dus dat geslagsidentiteit ’n noodsaaklike komponent van persoonlikheid uitmaak (Miltenberger, 2004). Volgens die kognitiewe ontwikkelingsteorie kan kinders met hulle eie geslag vertroud wees, maar hulle moet egter na ander rondom hulle kyk om vas te stel wat dit in terme van gedrag beteken. Hierdie teorieë is dus slegs aanvullend van waarde en is nie afsonderlik voldoende nie (Beal, 1994).

Deur sekere komponente van die kognitiewe ontwikkelingsteorie te gebruik, kan van die ongerymdhede van die sosiale leerteorie uitgeklaar word. Byvoorbeeld sommige versterkings (sosiale leerteorie) is ondoeltreffend omdat dit in konflik is met die kind se ontwikkelende geslagsidentiteit of omdat dit verskaf word deur ’n persoon wat deur die kind as ’n onvanpaste rolmodel beskou word (Beal, 1994). Die kind se bewustheid van geslagskategorieë (kognitiewe ontwikkelingsteorie) kan die identifiseringsproses met modelle van dieselfde geslag vergemaklik wat tot ’n sterker ontwikkelende geslagsidentiteit lei (Basow, 1992).

2.4.4 Geslagskemas

Die geslagskema-teorie bevat kenmerke van sowel die sosiale leerteorie as die kognitiewe ontwikkelingsteorie, en beklemtoon ook die belangrikheid van kulturele faktore. Volgens hierdie teorie ontstaan geslagsidentifisering tot ’n groot mate uit geslagskematiese prosessering, wat ’n gereedheid van die kind is om inligting volgens ’n kultuur se definisie van geslagsrolle te organiseer (Basow, 1992; Berger, 2006). Geslagskemas word ook die kognitiewe venster genoem waardeur die kind die wêreld interpreteer nadat inligting wat met geslag verband hou in die kind se geheue georganiseer is (Beal, 1994).

Deur die onderskeid tussen mans en vroue in ’n kultuur te observeer, leer kinders nie net die spesifieke beskrywings van geslagsrolle nie, maar ook dat geslag en geslagsonderskeidings belangrik is (Basow, 1992; Miltenberger, 2004). Geslagsonderskeidings kan insluit hoe mans en vroue lyk; hulle tipiese belangstellings, aktiwiteite en persoonlike karaktereienskappe; en verwagtinge oor hoe verskillende geslagte in sekere situasies optree. Geslagskemas word opgebou deur herhaalde blootstelling en observasie van mans en vroue, en voorbeelde wat uiteindelik as stereotipes opgesom word (Beal, 1994).

Hierdie geslagskema is ’n kognitiewe struktuur wat die kind se persepsies organiseer en rig. Geslagsidentifisering spruit dan uit die inkorporasie van die selfkonsep in die geslagskema (Basow, 1992). ’n Kind kan byvoorbeeld observeer dat seuns as braaf, sterk of groot beskryf word, waar dogters meer as goed, vriendelik of oulik beskryf word. Die kind leer nie net dat geslagte verskil nie, maar ook dat sekere beskrywings meer toepaslik vir die een geslag as die ander een is. Deurdat die kind sy/haar gedrag en toeskrywing aan ’n geslag met die ontwikkelende geslagskema vergelyk, leer die kind om sy/haar geskiktheid as ’n persoon te evalueer. Op hierdie wyse kan kulturele stereotipering vervullende voorspellings meebring. Kinders bou skemas vir beide geslagte ten einde hulle eie gedrag te rig en te besluit of nuwe inligting vir hulle toepaslik is (Beal, 1994).

Waar die kognitiewe ontwikkelingsteorie fokus op geslagsidentiteit as ’n kritieke bron van die kind se motivering om te leer, is die geslagskema-teorie se uitgangspunt dat geslagsidentiteit ’n belangrike komponent van leer is, maar daar word uitgebrei op die beskouing dat kinders aktiewe prosesseerders van inligting is, en dat hulle eerder van skemas gebruik maak om die wêreld rondom hulle te interpreteer (Basow, 1992; Beal, 1994).

Al vier teorieë van geslagsidentiteit beklemtoon die vroeë kinderjare, en elkeen raak aan ’n belangrike aspek van geslagsidentiteitsontwikkeling. Die psigoanalitiese teorie beklemtoon

die kernnatuur van geslag, terwyl die sosiale leerteorie die manier waarop omgewingsinsidente (belonings, strawwe en modelle) die kind se gedrag vorm, beskryf. Sowel die kognitiewe ontwikkelingsteorie as die geslagskema-teorie beklemtoon die belangrikheid van ’n aktiewe, denkende organisme om die invloed van gesin en kultuur te bemiddel. Geslagsverwante inligting word deur ’n kind se ontwikkelende kognitiewe strukture gefiltreer. Hierdie strukture vorm die manier waarop die boodskap benader word en beïnvloed die kind se gedrag en houding.

In Tabel 2.1 word ’n uiteensetting van die vier teorieë gegee. Die voorafgaande fases van geslagsidentiteit kan duidelik hierin onderskei word (Basow, 1992).

Tabel 2.1

Teoretiese Modelle van Geslagsidentiteit Ontwikkeling: Volgorde van Gebeure

Psigoanalities	*Sosiale leer*	*Kognitiewe ontwikkeling*	*Geslagskemas*
Bewustheid van anatomiese verskille	Blootstelling aan geslagsverwante gedrag	Bewustheid van geslagskategorieë	Bewustheid van geslagskategorieë
Identifisering met ouer van dieselfde geslag	Nabootsing van modelle van dieselfde geslag	Geslagsidentiteit	Geslagskema
Geslagsidentiteit	Geslagsverwante gedrag	Identifisering met modelle van dieselfde geslag	Geslagsidentiteit
Geslagsverwante gedrag	Geslagsidentiteit	Geslagsverwante gedrag	Geslagsverwante gedrag

2.5 Samevatting

Oor die algemeen stem navorsers saam dat daar nie net ’n enkele teorie is wat pa-skap volledig beskryf nie (Roggman, 2004). Navorsing oor pa-skap moet daarom eerder beplan word aan die hand van ’n verskeidenheid teoretiese raamwerke, en die rol van pa’s moet in die lig van verskeie kontekstuele faktore gekonseptualiseer word, insluitende die pa se karaktereienskappe, verwantskappe, versorgende eienskappe, asook die kind se karaktereienskappe (Rane & McBride, 2000). Waar sommige teorieë op die pa se begrip van en verpligting tot verskeie aspekte van ouerskap fokus (identiteitsteorieë en generatiewe pa-

skap), plaas ander teorieë weer klem op ’n wyer reeks aspekte wat, volgens hierdie teorieë, ’n meer volledige en multidimensionele perspektief van pa-skap verskaf (sosiologiese en ekologiese perspektiewe). Gesinstrukture en ouerskapsrolle varieer binne gesinne en verander met verloop van tyd, dus poog navorsers om die konseptualisering van pa-betrokkenheid te verbreed (Coley, 2003).

Die ontwikkeling van die kind se geslagsrolidentiteit is ook van belang, en sekere teorieë meen dat pa’s ’n belangrike rol speel in seuns se kinderjare as ’n rolmodel. Verskillende teorieë beklemtoon egter verskillende fases: vir die geslagskema teorie is die klem op die ontwikkeling van ’n geslagskema; vir die kognitiewe onwikkelingsteorie word die bewustheid van geslagskategorieë beklemtoon; vir die sosiale leerteorie word die klem op die ontwikkeling van geslagsverwante gedrag geplaas; en vir die psigoanalitiese teorie word die identifikasie met die ouer van dieselfde geslag beklemtoon (Basow, 1992; Beal, 1994).

HOOFSTUK 3

LITERATUUROORSIG

3.1 Inleiding

Die manier waarop pa's met hulle kinders omgaan, is reeds sedert die begin van navorsing in hierdie veld vir gesinsterapeute van belang (Luepnitz, 1988). Pa's in ontkoppelde, emosioneel onbetrokke verhoudings met gesinslede word dikwels as "ver weg" en ontoeganklik beskryf, terwyl die verhouding tussen ma's en hul kinders as heg beskryf word. Tog gee pa's om vir hulle kinders, en word pa's emosioneel en fisies deur pa-kind-verhoudings beïnvloed (Taylor, 2002). Dit is dus belangrik om die ontwikkeling van mans in die rolle van eggenote of pa's te bestudeer en beskrywings van hierdie rolle te verkry, sodat redes vir pa's se optrede holisties benader en begryp kan word (Marsiglio, Amato et al., 2000).

Onbetroubare en ongeldige benaderings is vroeër gevolg om pa-skap te ondersoek, met die gevolg dat die kompleksiteit en rykheid van hierdie fenomeen verlore geraak het. Die gevolg hiervan was dat navorsing meer gefokus het op die verskil tussen die rol van die ma en die pa, en op 'n neiging om hierdie verskil te verklein (Dienhart, 1998). Navorsing oor die interaksie tussen pa's en hul kinders is egter steeds beperk (Scharfe, 2003), en verskeie navorsers beveel aan dat die konteks van pa-skap en verwarring rakende pa-skap bestudeer word (Dienhart, 1998).

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gebied van die literatuur oor die verhouding tussen pa's en seuns asook die belangrikheid van pa's in seuns se lewens. Navorsing oor verskillende persepsies van pa-betrokkenheid, en wat 'n pa moet doen om betrokke te wees in sy seun se lewe, word daarna bespreek.

3.2 Pa's en seuns

Hierdie afdeling handel oor die belangrikheid van pa's in kinders, spesifiek in seuns, se lewens. Die gedrag van seuns wie se pa's wel betrokke is en seuns wie se pa's nie betrokke is nie word vergelyk.

In verskeie ondersoeke is gevind dat hoë vlakke van ouerbetrokkenheid 'n beduidende effek op adolessente se welstand het (LeCroy, 1988; Palkovitz, 1997; Parke, 2000; Pleck, 1997; Richards, Gitelson, Peterson & Hurtig, 1991). Sommige navorsers het bevind dat die effek van ouerbetrokkenheid op grond van die adolessent se geslag verskil. Verskeie navorsers het bevind dat die invloed van ouerbetrokkenheid op die emosionele en sielkundige welstand van adolessente varieer (Barber & Thomas, 1986; Gecas & Schwalbe, 1986). Die grondslag vir sielkundige welstand ontstaan hoofsaaklik uit interaksie met ander mense in die kinderjare (Rosenberg, 1979), en daarom speel die kind se gesin 'n belangrike rol in die ontwikkeling van algemene langtermyn- sielkundige welstand (Rollins & Thomas, 1979).

Die verhouding met sowel die pa as die ma is belangrik vir 'n seun se geestesgesondheid, maar volgens Barnett, Marshall en Pleck (1992), wat navorsing onder volwasse kinders gedoen het, is die verhouding met die pa effens belangriker. Seuns ontwikkel 'n gevoel van waarde deur in aktiwiteite te presteer. Dit is waarskynlik dat, wanneer 'n seun respek van sy ouers ontvang en tyd met hulle spandeer, dit 'n positiewe effek op sy selfwaarde gaan hê. In 'n studie van 128 gesinne, wat die verhouding tussen ouerlike gedrag (deur die ouers gerapporteer) en persepsies van kinders oor hul ouers se gedrag, asook die effek hiervan op verskeie aspekte van die kind se self-evaluering (spesifiek selfwaarde en algemene self-esteem) ondersoek het, is gevind dat, gegee die belangrikheid van geslagsrolmodelle, dit spesifiek belangrik vir seuns is om hierdie soort aandag van hulle pa's te kry (Gecas & Schwalbe, 1986).

Pa's word as belangrike bydraers tot die sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van seuns beskou (Lamb, 1997; Palkovitz, 1997). Boyum en Parke (1995) het die verband tussen emosionele uitdrukkings in kinders se gesinne en die sosiale bevoegdheid van kinders in verhouding tot hulle portuurgroep ondersoek deur gebruik te maak van direkte observasie. Vyftig gesinne met verskillende sosio-ekonomiese agtergronde is deur middel van video-opnames tydens spontane aandetes opgeneem. Die ouers het ook vraelyste voltooi wat die frekwensie, intensiteit en duidelikheid van hulle emosionele uitdrukkings en die wyse waarop dit die kinders beïnvloed, evalueer. Hierdie studie, wat gefokus het op die rol van die gesin in die ontwikkeling van kinders se sosiale bevoegdheid, het bevind dat gesinne 'n primêre basis vir die herkenning van emosionele boodskappe is.

Seuns wie se pa's meer betrokke is, is geneig om meer sosiale integrasie en minder gedragsprobleme by die skool te toon. Hierdie seuns is ook meer bewus van alledaagse aanwysers wat hulle toekomstige welstand, suksesvolle huwelike en ondersteunende sosiale netwerke versterk (Amato & Booth, 1997; Browne & Rafi, 1991). Hierteenoor is seuns wat nie emosionele ondersteuning van hulle pa's ontvang nie, en wie se pa's oordrewe streng of toegewend en onbetrokke in hulle lewens is, meer geneig om negatiewe sosiale en emosionele uitkomste te toon (Baumrind, 1991). Alhoewel die aanwesigheid van pa's meestal belangrik is vir ekonomiese en sosiale redes, het navorsing getoon dat die kwaliteit van pa-betrokkenheid positiewer uitkomste inhou as die kwantiteit daarvan (Parke, 1996). Hierdie uitkomste is afkomstig van navorsing op Mexikaans-Amerikaanse gesinne met graad 5-kinders, en sluit in akademiese sukses, laer voorkoms van gedragsprobleme, positiewe sosiale gedrag en 'n afname in geïnternaliseerde probleme.

Amato (1994) het bevind dat pa-betrokkenheid in die kinderjare positief met seuns se opvoedkundige en beroepskeuses asook hulle sielkundige aanpasbaarheid en welstand

verband hou. In sy nasionale studie het Amato (1994) onderhoude met 471 jong Amerikaanse volwassenes deur middel van telefoongesprekke gevoer. Hy het ook gevind dat ’n hegte band met pa’s ’n unieke bydrae tot gelukkigheid, lewenstevredenheid en sielkundige welstand lewer. Volgens Lamb (1987) is pa-betrokkenheid by en versorging van die kind belangrik, en word dit met die kind se intellektuele ontwikkeling, sosiale geskiktheid, interne lokus van kontrole en die vermoë om empatie te hê, geassosieer.

Uit bestaande navorsing kan duidelik afgelei word dat pa’s ’n groot impak op hulle kinders se lewens het. ’n Meer betrokke pa, veral in die kinderjare, word positief met die kind, veral seuns, se latere uitkomste, in terme van geluk, geestesgesondheid en prestasies, geassosieer. Dit sal gepas wees om vervolgens te kyk na hoe verskillende partye, soos ma’s, pa’s self, en kinders, die betrokkenheid van pa’s definieer, en wat hulle as die kriteria vir ’n betrokke pa beskou.

3.3 Navorsing oor verskillende persepsies van pa-betrokkenheid

Vervolgens word daar gekyk na navorsing wat handel oor verskillende persepsies van die betrokkenheid van pa’s. ’n Beskrywing van hoe mans die pa-rol sien, word verskaf. Daarna word ma’s en kinders se persepsies van pa-betrokkenheid uitgelig. Laastens word daar gekyk na hoe pa-skap in die algemeen benader word, en watter verantwoordelikhede en pligte in die breë samelewing van pa’s verwag word.

3.3.1 Persepsies van pa’s

Navorsers het onlangs eers pa’s se persepsies van die belangrikheid van hulle rolle in kinders se lewens, en hoe dit op pa’s se wesenlike betrokkenheid by hulle kinders betrekking het, begin ondersoek. Dit is noodsaaklik om pa’s se persepsies te verstaan, aangesien die pa-kind-

verhouding deur pa's se begrip en organisering van pa-rolle beïnvloed word, wat weer sekere gevolge vir die kind se ontwikkeling inhou (Parke, 2002).

Die beskouing dat die rol van ouers met verloop van tyd verander het vanaf pa's as broodwinners en ma's as huiswerkers na 'n gelyker vennootskap het veroorsaak dat mans se persepsies van die belangrikheid van hulle rolle in gesinne 'n aktuele en strategiese kwessie geword het (Dienhart, 2001). Hierdie ontwikkeling het nuwe persepsies van pa's geskep (Marsiglio, 1995), byvoorbeeld dat pa's meer aandag aan gesinsverhoudings en kindersorg gee. Sommige navorsers het ook gevind dat hierdie verskuiwings veranderinge in die kultuur van pa-skap meebring, deurdat pa's meer deelnemend, intiem en betrokke by die alledaagse opvoeding van hul kinders optree. In 'n ondersoek van Sanderson en Thompson (2002) met 137 pa's (90 Europees-Amerikaanse en 47 Afro-Amerikaanse pa's) van kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar was die doel om veranderlikes, wat geassosieer word met pa-betrokkenheid in kindersorg, te ondersoek. Verskeie vraelyste is gebruik om die data in te samel. Die pa's moes 14 vrae oor kindersorg en spel-aktiwiteite beantwoord om hulle ouervaardighede rakende kindersorg te meet; die "Bem Seksrol"-vraelys is gebruik om hulle geslagsroloriëntasie te meet; hulle huwelikstevredenheid is met die "Dyadic Satisfaction"-subskaal van die "Dyadic Adjustment Scale" gemeet; 'n aanpassing van Thompson en Sanders se ras-identiteitskaal en White en Burke se etniese-identiteitskaal is gebruik om die prominensie van pa's se identiteit te meet. In hierdie ondersoek is gevind dat pa's se persepsies van hulle bekwaamhede, geslagsrolle en gesinsvereistes hulle betrokkenheid by kindersorg beïnvloed. Die werkstatus van pa's se huweliksmaats word ook met die verantwoordelikheid van pa's rakende kindersorg geassosieer. Waar albei huweliksmaats buite die huis gewerk het, is hoër vlakke van pa's se verantwoordelikhede rakende kindersorg gevind.

Summers et al. (1999) het soortgelyke navorsing as die voorafgaande gedoen. Hulle studie, wat in die state Colorado, Kansas, Pennsilvanië en Vermont in die VSA uitgevoer is, het 56 ouers van kleuters ingesluit. Fokusgroepbesprekings, oopvraag-onderhoude asook ’n gevallestudie is gebruik om data in te samel. Die data is ontleed om algemene temas oor pa-rolle in hierdie areas te identifiseer. Deelnemers se beskrywing van hierdie rolle sluit in om finansiële ondersteuning te voorsien, aanwesig en beskikbaar vir hulle kinders te wees, te help met versorgingsaktiwiteite, met hulle kinders te speel en hulle op uitstappies te neem, hulle kinders te onderrig, te lei en te dissiplineer, liefde en hartlikheid te verskaf, en beskerming te voorsien. Daar is ook gevind dat pa’s ’n verskeidenheid persepsies van hulle rolle as pa’s het, en dat mans oor die algemeen saamstem dat die pa-rol veel meer behels as ’n blote finansiële voorsiening, en dat dit inderdaad meervoudige aspekte van betrokkenheid insluit.

Beitel en Parke (1998) het in die VSA die verhouding tussen moederlike en vaderlike houdings teenoor ouer-rolle en -betrokkenheid by babas tussen drie en vyf maande oud vergelyk. In hierdie vraelys-gebaseerde ondersoek is gevind dat mans wat ’n hoër waarde aan die pa-rol heg, ook hoër vlakke van betrokkenheid by hul kinders meld. Die mate waarin mans aan sosiale interaksie blootgestel word, het ’n invloed op hulle siening van hulle betrokkenheid by hul kinders (Henley & Pasley, 2005). Dus varieer pa’s se persepsies van hulle betrokkenheid, aangesien die omstandighede waarin mense lewe, asook die invloed wat mense op mekaar het, varieer.

Ter aansluiting hierby postuleer navorsers dat pa’s se persepsies van hulle rolle in verskillende groepe, kulture en gesinne verskil. Marsiglio en Cohan (2000) se navorsing oor pa-betrokkenheid in die VSA het grootliks van kwalitatiewe benaderings gebruik gemaak, wat onderhoude, diskoersanalise, vertolkende uitvoerings, vertellingsuitvoerings en dramaturgie ingesluit het. Hulle navorsing beklemtoon hoe pa-betrokkenheid deur ras, geslag, ekonomiese

kwessies en pa's se verhouding met die ma's van hulle kinders en ander in die gemeenskap beïnvloed word. Daar is ook 'n verskil in die wyses waarop ouers en kinders uiting aan gevoelens gee. Pa's van adolessente, anders as ma's, meld dat hulle vir hul kinders sorg en hulle bystaan, eerder as om toegeneentheid deur fisiese soene en drukke te toon (Mendes, 1976).

3.3.2 Persepsies van ma's

Gesinsnavorsers het interessante bevindinge gemaak rakende die begrip van pa-ma-verhoudings en hoe ma's en pa's afsonderlik hulle rolle binne die gesin vervul. Dit blyk dat ma's 'n kardinale rol in die bevordering van die pa-kind-verhouding speel (Arendell, 1996; Marsiglio, 1995). Volgens Walker en McGraw (2000) is daar bewyse dat sommige ma's die verhouding tussen pa's en hul kinders aktief aanmoedig. Daar is ook gevind dat ma's meer suksesvol is om pa's betrokke by ouerskap te kry as wat die geval andersom is (Belsky, 1979). Selfs wanneer die pa en die ma geskei is, speel die ma 'n groot rol in die handhawing van 'n positiewe pa-kind-verhouding (Braver & O'Connell, 1998; Madden-Derdich & Leonard, 2000).

In hulle kommentaar op die artikel *Responsible fathering: An overview and conceptual framework* postuleer Walker en McGraw (2000) dat kinders wel behoeftes (soos sosiale welstand, biologiese, fisiese, emosionele en sielkundige behoeftes) het wat bevredig moet word, maar dat daar nie bewyse is dat hierdie behoeftes deur 'n ouer van 'n spesifieke geslag bevredig moet word nie. Rutter en Schwartz (2000) is van mening dat vroue hulleself mag toeëien in gesinstrukture, omdat hulle nie toegelaat is om 'n bydrae binne die sosiale strukture te lewer nie. Hochschild (1989) beweer dat vroue hulle mans se toegang tot hul kinders beperk wanneer die mans nie volgens hulle genoeg aan huislike take deelneem nie.

In Coley en Chase-Lansdale (1999) se ondersoek oor stedelike Afro-Amerikaanse pa's se betrokkenheid by hulle kinders wat buite die huwelik gebore is, is ma's se verslae oor pa-betrokkenheid geassesseer. Die ma's het gerapporteer dat die pa's geneig is om onbetrokke te wees wanneer die verhouding tussen die ouers onstabiel en vyandelik is. Cutrona, Hessling, Bacon en Russell (1998) het oor 'n tydperk van 18 tot 24 maande 105 Amerikaanse adolessente ma's van babas in 'n ondersoek betrek om vas te stel watter faktore in 'n stabiele verhouding tussen die baba en die pa van die baba teenwoordig is. Hulle bevindinge was soortgelyk aan dié van Coley en Chase-Lansdale (1999), naamlik dat die kwaliteit van die ouers se verhouding direk verband hou met die mate van pa-betrokkenheid by die kind. Wanneer die ouers 'n swak verhouding het, kan die ma die pa se toegang tot die kind beperk. Die negatiwiteit in die ouers se verhouding kan ook tot negatiewe gevoelens van die pa teenoor sy kind lei. Daarbenewens kan 'n gebrek aan gevoelens tussen ouers ma's se benadering tot pa-betrokkenheid beïnvloed (Coley & Morris, 2002; Krishnakumar & Black, 2003).

3.3.3 Persepsies van kinders

Warin, Solomon, Lewis en Langford (1999) het die impak van werkspatrone op verhoudings binne gesinne, veral die verhouding tussen pa's en hul tieners, ondersoek. Onderhoude is met pa's, ma's en kinders van 74 huishoudings met verskillende agtergronde gevoer. Hulle bevindinge beklemtoon die belangrikheid van pa's in gesinstrukture, en hulle meld dat die meeste jong kinders naby aan hulle pa's voel, hulle pa's bewonder, en dat hul pa's vir hulle 'n bron van hulp, advies en morele ondersteuning is.

Vanuit die persepsies van adolessente oor hulle verhouding met hulle gesinslede is gevind dat ma's meer beskikbaar is as pa's. Youniss en Ketterlinus (1987) se ondersoek het 657 adolessente (605 adolessente uit twee-ouer-gesinne en 52 adolessente uit enkelouer-gesinne

met die ma as ouer) van Baltimore, Maryland en Washington, D.C. in die VSA ingesluit. Albei groepe het vraelyste beantwoord om uit te vind hoe goed hulle dink hulle ouers hulle ken. Adolessente uit die twee-ouer-gesinne het gerapporteer dat ma's hul seuns en dogters ewe goed ken, maar dat pa's hul seuns beter as hul dogters ken. Adolessente uit die enkelouer-gesinne het gerapporteer dat pa's nie hul seuns of dogters goed ken nie. Youniss en Ketterlinus het ook gevind dat die bydraes van die ma-kind- en die pa-kind-verhouding tot die kind se sielkundige ontwikkeling verskil.

Montemayor en Brownlee (1987) het telefoniese onderhoude met 61 Amerikaanse adolessente in graad 6 tot graad 12 gevoer. Daar is gevind dat pa's en hul kinders op 'n totaal verskillende manier met mekaar omgaan en op mekaar reageer as ma's en hul kinders. Wanneer kinders met hulle pa's tyd spandeer, is hulle meer geneig om aan genotvolle aktiwiteite deel te neem, soos maaltye en ontspanningsaktiwiteite. Ma's spandeer ewe veel tyd aan werksaktiwiteite, soos tuiswerk en skoolwerk, as aan genotvolle aktiwiteite. Adolessente spandeer ook minder tyd met hulle pa's as met hulle ma's.

3.3.4 Algemene persepsies van pa-betrokkenheid

Navorsing en teorieë oor pa-betrokkenheid postuleer dat hierdie konsep multidimensioneel benader moet word, en inkorporeer finansiële, emosionele en gedragsaspekte van ouerbetrokkenheid (Amato, 1998; Coley, 2001; Doherty et al., 1998). In sy boek *The modernisation of fatherhood* beklemtoon LaRossa (1997) die belangrikheid van 'n pa se veelvoudige rol as broodwinner, vriend vir sy kind en primêre manlike rolmodel.

Ongeag demografiese en kulturele verskille is daar verskeie aspekte van pa-skap wat binne alle kontekste ooreenstem. Bryan en Ajo (1992) het die sosiale en kontekstuele faktore, wat die rolpersepsies van Afro-Amerikaanse pa's oor pa-betrokkenheid beïnvloed, ondersoek. In

hierdie studie is sekere verantwoordelikhede wat aan pa's toegeskryf kan word, geïdentifiseer. Hamer (1997) het 'n kwalitatiewe studie gedoen oor die rolle en funksies van swart pa's wat nie toesig oor hulle kinders het nie, en wat hierdie pa's se persepsies van pa-betrokkenheid is. Op grond van hierdie en ander navorsers se bevindinge kan die volgende rolle en verantwoordelikhede aan pa's toegeskryf word (Halle, 2002; Parke, 1996):

- Ekonomiese voorsiener (broodwinner)
- Opvoeder, gids, rolmodel
- Gesagsfiguur, dissiplineerder
- Metgesel, voorsiener van emosionele ondersteuning
- Beskermer
- Voorsiener van direkte sorg (byvoorbeeld versorging en vertroosting)
- Voorsiener van indirekte sorg (byvoorbeeld herstel van kind se fiets)
- Kweker van morele en spirituele ontwikkeling deur deelname aan godsdienstige aktiwiteite

Verskeie studies is gedoen oor die manier waarop hierdie rolle vervul kan word. Drie temas kom egter algemeen in die literatuur voor, naamlik verantwoordelikheid, toeganklikheid en toenadering (Lamb et al., 1987) (vergelyk afdeling 2.2).

3.4 Samevatting

'n Groot gedeelte van die literatuur oor pa-betrokkenheid handel oor tyd, en fokus spesifiek op die hoeveelheid tyd wat pa's met hulle kinders spandeer. Pa-betrokkenheid word in talle studies in terme van verantwoordelikheid, toeganklikheid en toenadering gedefinieer. 'n Pa se teenwoordigheid in die kinderjare is baie belangrik vir die kind se ontwikkeling en langtermynwelstand. Pa's se persepsies van die pa-rol is dus belangrik, aangesien dit 'n

invloed op hulle betrokkenheid by hul kinders sal hê. Dit blyk ook dat sowel ma's as kinders voorkeur gee aan 'n meer betrokke pa, en een wat meer aan huislike take en aktiwiteite met die kinders deelneem. Oor die algemeen word daar van pa's verwag om sekere funksies te verrig, soos besluitneming, sosio-emosionele en finansiële ondersteuning, beskerming, versorging en leiding.

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 Inleiding

Navorsing oor pa-betrokkenheid is ’n redelik nuwe verskynsel, en daar is nog baie om te leer oor hoe die kwaliteit van pa-betrokkenheid kinders beïnvloed (Lamb, 1997; Larson & Richards, 1994). Hierdie ondersoek handel oor seuns se persepsies van die betrokkenheid van pa’s in seuns se lewens, en die doel van hierdie ondersoek is om uit te vind op watter maniere hulle dink pa’s betrokke behoort te wees by hulle seuns.

In hierdie hoofstuk word die metode van die ondersoek bespreek. Dit sluit die navorsingsontwerp, die deelnemers van die fokusgroepe, die etiese aspekte verbonde, die prosedures wat gevolg is asook die metode van data-ontleding in.

4.2 Navorsingsontwerp

Hierdie is ’n eksploratiewe, kwalitatiewe ondersoek. Reber en Reber (2001) omskryf ’n eksploratiewe ondersoek as enige studie wat ontwerp is om ’n sekere gevoel vir of algemene begrip van die verskynsel wat bestudeer gaan word, te verkry. Hierdie ondersoek handel oor die persepsies van graad 7- en 8-seuns van die betrokkenheid van pa’s in seuns se lewens, en is ontwerp om begrip te kry van seuns se mening rakende pa’s se betrokkenheid in seuns se lewens. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is data ingesamel deur middel van drie fokusgroepe, waarin ’n oop vraag aan die groeplede gevra is. Die navorser was self die fasiliteerder van die fokusgroepe.

4.2.1 Fokusgroepe

In hierdie afdeling word ’n beskrywing van fokusgroepe in die algemeen verskaf, asook van die fokusgroepe wat in hierdie ondersoek gebruik is.

’n Fokusgroep is ’n spesiale soort groep in terme van die doel en samestelling daarvan (Krueger & Casey, 2000). Die doel van ’n fokusgroep is om inligting bymekaar te maak en daardeur beter te verstaan hoe mense oor ’n spesifieke onderwerp of saak voel of dink. Wanneer ’n onderwerp in groepsverband bespreek word, is die potensiaal groter om meer idees vinniger te genereer as wanneer individue dit afsonderlik bespreek (Baron & Kerr, 2003). Die doel van die gebruik van fokusgroepe is om tendense en patrone te identifiseer, eerder as om konsensus te bereik. Daarom word drie of meer fokusgroepe gewoonlik in navorsing gebruik (Krueger & Casey, 2000).

Die deelnemers van ’n fokusgroep word geselekteer omdat hulle sekere eienskappe in gemeen het wat met die doelwitte van die ondersoek ooreenstem (Litosseliti, 2003). Dit gebeur dikwels dat die groeplede mekaar beïnvloed deur op ander lede se idees en opmerkings te reageer. Alhoewel die grootte van fokusgroepe varieer, is die ideale grootte vir nie-kommersiële onderwerpe ses tot agt deelnemers (Krueger & Casey, 2000). Wanneer fokusgroepe te groot is, beperk dit die deelnemers se insette, en is dit ook moeiliker om die groepe te beheer. Te klein fokusgroepe kan weer die verskeidenheid ervarings en opinies in die groep beperk – die geheel van vier mense se ervarings sal byvoorbeeld minder wees as ses mense s’n (Krueger & Casey, 2000).

’n Fokusgroep word deur ’n bekwame onderhoudvoerder gelei, wat ’n permissiewe atmosfeer skep en deelnemers aanmoedig om persepsies te deel, sonder om hulle onder druk te plaas (Morgan, 1997). Dis belangrik dat die onderhoudvoerder agtergrondkennis oor die onderwerp

het, sodat hy/sy die kommentaar in perspektief kan plaas en kan opvolg wanneer kritieke aspekte ter sprake kom. Dit is ook belangrik dat hy/sy die vermoë het om te luister en die selfdissipline het om sy/haar persoonlike persepsies vir hom-/haarself te hou (Krueger & Casey, 2000). Die besprekings moet gemaklik wees. Dit gebeur dikwels dat deelnemers dit geniet om hul idees en persepsies met mekaar te deel (Krueger & Casey, 2000). Sodra die besprekings binne die fokusgroepe voltooi is, word bepaal of versadiging bereik is. Versadiging is die punt waar geen nuwe inligting verkry word tydens die generering van inligting nie (Krueger & Casey, 2000). Die vernaamste maniere om die data vas te lê, is deur skriftelike notas of klankopnames (Krueger & Casey, 2000).

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is van fokusgroepe gebruik gemaak om die seuns se persepsies van die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te ondersoek. Drie fokusgroepe van ses deelnemers elk (daar is slegs 18 deelnemers in hierdie skool wat aan die betrokke insluitingskriteria voldoen het) is gebruik om data in te samel (vergelyk afdeling 4.3 vir die samestelling van die groepe).

Die volgende vraag is aan die groepe gevra om inligting te bekom oor hoe betrokke hulle dink 'n pa in 'n seun se lewe behoort te wees: Op watter maniere dink julle behoort 'n pa betrokke te wees in die lewe van sy seun? Op hierdie vraag het seuns antwoorde gegee oor hoe betrokke hulle dink pa's behoort te wees, en in sommige gevalle het seuns voorbeelde uit hulle persoonlike ervarings van hulle pa's gebruik. Waar daar onsekerheid was oor die deelnemers se bedoelings met hulle antwoorde, is hulle deur die fasiliteerder gevra om verder uit te brei of om meer duidelikheid te gee oor hulle antwoorde. Die navorser het self die fokusgroepe gefasiliteer en die gesprekke is met 'n oudio-opnemer opgeneem.

4.3 Deelnemers

In hierdie afdeling word die insluitingskriteria asook die proses wat gevolg is om die finale fokusgroepe saam te stel, beskryf.

Graad 7- en 8-leerders van ’n laerskool in ’n plattelandse omgewing in die Wes-Kaap het aan hierdie ondersoek deelgeneem. In hierdie gemeenskap, wat uit ongeveer 5 000 mense (volgens 2001 sensus opnames), 800 HOP (Heropbou- en ontwikkelingsprogram) –huise, 300 medium-inkomste huise en 200 informele en agterplaas huise bestaan, asook 50 huise sonder behoorlike sanitasie geriewe, is armoede en werkloosheid ’n ernstige probleem (Watergarden, 2007).

Op grond van die seuns se persoonlike besonderhede, wat deur die skoolhoof van die betrokke skool verskaf is, kon inligting oor die samestelling van die leerders se gesinne verkry word. Uit ’n totaal van 74 graad 7- en 8-seuns is 41 geïdentifiseer wie se biologiese ouers getroud is en fisies saam met hulle in die huis woon. Deur middel van ’n kort vraelys is 18 kleurling seuns uit hierdie 41 geïdentifiseer wie se gesin aan die insluitingskriteria van ’n kerngesin voldoen. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is ’n kerngesin die biologiese pa en ma (wat getroud is) asook hulle biologiese kinders. Verder is die kriterium gestel dat daar geen ander manlike persone ouer as 18 jaar woonagtig in die huis moes wees nie. Omdat die ondersoek oor seuns se persepsies van pa’s se betrokkenheid in seuns se lewens handel, is dit belangrik dat enige vaderfiguur, buiten die seun se biologiese pa, afwesig moes wees in die seuns se alledaagse huislike omgewing. Sodoende is die risiko minder dat onrealistiese antwoorde gegee sal word, deur byvoorbeeld seuns wie se pa’s afwesig is, en het dit verseker dat die deelnemers ook voorbeelde kon gebruik uit hulle eie ervarings met hulle pa’s.

Tydens hierdie ondersoek is die 18 deelnemers op ’n toevallige wyse aan drie fokusgroepe van ses deelnemers elk toegedeel. Hierdie kleiner groepgrootte was voordelig, aangesien ’n beter begrip van die deelnemers se persoonlike ervarings en persepsies, asook ’n groter bydrae van elke deelnemer, sodoende verseker is.

4.4 Etiese aspekte

In hierdie afdeling word toepaslike etiese aspekte bespreek. Die navorser is vertroud met groepwerk, en die studieleier het toegesien dat daar aan die etiese vereistes van navorsing voldoen is. Die deelnemers se privaatheid en die vertroulikheid van inligting is gewaarborg deurdat geen name tydens die opname gebruik is nie, en die deelnemers se identiteite is deur die navorser en die skoolhoof beskerm. Hulle regte en waardigheid is ook in die sessies gerespekteer, deurdat die onderhoudvoerder empatie, positiewe agting en ’n nie-veroordelende houding teenoor hulle getoon het. Sodoende is die verskille tussen die navorser en deelnemers, in terme van ras, kultuurgroep en ouderdom, in ag geneem. Ingeligte toestemming is vanaf die deelnemers verkry, en niemand is geforseer om aan die groepsessies deel te neem nie. Deelnemers kon ook op enige stadium onttrek sou hulle dit wou doen.

Omdat die deelnemers minderjarige seuns is, is ’n brief aan elke seun se ouers gestuur om toestemming te kry dat die seuns aan die navorsing kon deelneem (vergelyk Bylaag 1 vir die toestemmingsbrief).

4.5 Prosedures

Nadat die deelnemers geïdentifiseer is en hulle ingestem het om aan die projek deel te neem, het die proses soos volg verloop:

’n Tyd is met die skoolhoof, betrokke onderwysers en deelnemers ooreengekom wanneer die fokusgroepbesprekings sou plaasvind. Die betrokkenheid en stiptelikheid van deelnemers is verseker deurdat die fokusgroepbesprekings in skooltyd plaasgevind het. Toestemming is van die skoolhoof insake hierdie reëling ontvang. ’n Klankdigte klaskamer is beskikbaar gestel waarbinne die fokusgroepbesprekings plaasgevind het. Alle reëlings, doelwitte en beplanning is vooraf met die deelnemers bespreek. Die onderhoudvoerder het aan die begin van die ontmoeting aan die deelnemers verduidelik presies wat van hulle verwag word, en alle onduidelikhede van hulle kant af is uit die weg geruim. Daarna is die volgende vraag vir bespreking aan die groep gestel: Op watter maniere dink julle behoort ’n pa betrokke te wees in die lewe van sy seun? Besprekings, uitbreidings en verduidelikings van die antwoorde van die deelnemers is deur die onderhoudvoerder aangemoedig. Sommige deelnemers het meer gepraat as ander. Die fokusgroepbesprekings het onderskeidelik 58 minute, 56 minute en 44 minute geduur deurdat versadiging teen hierdie tye bereik is. Moegheid, verveeldheid en gebrek aan konsentrasie van deelnemers is verhoed deur ’n pouse van vyf minute elke halfuur van elke sessie. Twee van die groepe het direk ná mekaar bymekaar gekom, en die laaste groep het drie dae daarna ontmoet.

Oor die algemeen het die deelnemers goed saamgewerk. Sommige deelnemers het meer gepraat as ander. In een van die fokusgroepe is die besprekings hoofsaaklik deur ’n graad 8-deelnemer gelei. Dit het geblyk dat van die graad 7-deelnemers stiller voorgekom het as gevolg van die ouer deelnemer se oorgretige bydrae.

Die besprekings is met ’n oudio-opnemer opgeneem. Die opnames is vervolgens deur ’n buitestander getranskribeer. Die navorser het die transkripte, tesame met die opnames, deeglik nagegaan om seker te maak dat geen inligting uitgelaat is nie.

4.6 Data-ontleding

In hierdie afdeling word aangetoon deur wie die data-ontleding gedoen is, watter tegniek gebruik is, asook hoe te werke gegaan is om die gekose ontledingstegniek doeltreffend te gebruik.

Die navorser was self vir die data-ontleding verantwoordelik, wat die volgende voordeel inhou: Die navorser is goed vertroud met die ondersoek as ’n geheel, en is dus in staat om belangrike verhoudings tussen die doel van die ondersoek (navorsingsvraag) en die data wat ingesamel is te identifiseer (Litosseliti, 2003). ’n Bepaalde kenmerk van navorsing deur middel van fokusgroepe is om die interaksie tussen deelnemers te gebruik om data te genereer. Dit is dus belangrik om ook aandag te gee aan groepdinamika in die proses van data-ontleding (Kitzinger & Farquhar, 1999). Daar is verskillende vorme van interaksie in die groep wat nuttig kan wees en moontlik bykomende inligting kan verskaf, soos byvoorbeeld argumente, wedersydse versterking, grappe en storie-vertelling (Kritzinger, 1994a). ’n Spesifieke aspek van groepdinamika wat uiters belangrik is in die proses van data-ontleding is “sensitiewe oomblikke” (Kitzinger & Farquhar, 1999). Hierdie aspek kan deur eksplisiete kommentaar van deelnemers, aarseling of ongemak, verrassende of skokkende reaksies, individuele verdediging of gesamentlike onsekerheid aangedui word (Kitzinger & Farquhar, 1999). Die sensitiefste gesprekke kan egter voorkom wanneer deelnemers juis gemaklik in die groep voel, en uiting gee aan ervarings waaroor hulle nog nooit voorheen gepraat het nie. Hierdie verskynsel kan tot gevolg hê dat die deelnemers van die oorspronklike onderwerp afdwaal, en dat die onderhoudvoerder die bespreking na die fokuspunt moet teruglei (Kitzinger & Farquhar, 1999). “Sensitiewe oomblikke” kan ongemaklikheid veroorsaak, maar bring ook moontlik belangrike en insiggewende inligting na vore (Kitzinger & Farquhar, 1999).

Verskeie metodes kan gebruik word vir die ontleding van data wat van fokusgroepbesprekings verkry is. Die gekose metode sal afhang van die doel van die navorsing (Krueger & Casey, 2000). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die Atlas.ti (2007)-program gebruik wat deur die Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch, beskikbaar gestel is.

Die Atlas.ti (2007)-program is spesiaal ontwerp vir kwalitatiewe ontleding van groot hoeveelhede data. Dit bevat ’n verskeidenheid funksies om ongestruktureerde data volgens ’n sistematiese benadering te organiseer, met ander woorde dit is ideaal vir data wat nie deur enige ander formele, statistiese benaderings betekenisvol ontleed kan word nie (Atlas.ti, 2007). Met behulp van die Atlas.ti-program kan komplekse fenomene, wat in ‘n groot hoeveelheid data weggesteek is, ondersoek word.

In die Atlas.ti (2007)-program word twee basiese metodes tydens die proses van ontleding gevolg, naamlik:

- Ontleding op tekstuele vlak. Hierdie vlak sluit aktiwiteite in waar al die data uiteengesit word en op die Atlas.ti (2007)-program as “primêre dokumente” gelaai word. Hierna word aanhalings uit die data geïdentifiseer, en kodes word aan aanhalings wat met mekaar verband hou, toegeken. Sodoende word alle irrelevante inligting geïgnoreer, terwyl die navorser slegs met die relevante inligting kan werk.

- Ontleding op konseptuele vlak. Die verbinding van kodes in die vorm van netwerke vind op hierdie vlak plaas. Die tekste word in ’n grafiese vorm omskep, wat die navorser in staat stel om konsepte en teorieë, wat op die verhoudings tussen die verskillende kodes gegrond is, te ontwikkel. ’n “Familie” word geskep waar kodes met mekaar verband hou,

en ’n “familienaam” word aan die familie gegee wat die verbandhoudende kodes groepeer.

Die transkripte van die fokusgroepbesprekings van hierdie ondersoek is deur die navorser op die Atlas.ti (2007)-program as primêre dokumente gelaai. Relevante aanhalings is uit die dokumente geïdentifiseer, en ’n kode is aan die aanhalings wat met mekaar verband hou, toegeken. Die naam van elke kode bestaan uit ’n woord of ’n frase. In hierdie ondersoek is deelnemers se uitings die enigste maatstaf wat gebruik is in die kodering van response.

Voorbeeld 1:

Aanhaling 1: “My pa moet my kan beskerm teen alle kwaad dinge wat om my kan gebeur.”

Aanhaling 2: “Dis ’n pa se plig om jou te beskerm.”

Kode vir aanhaling 1 & 2: [Beskerm]

Verskeie kodes is toegeken wat die verbandhoudende aanhalings groepeer. In sommige gevalle is twee of meer kodes aan ’n enkele aanhaling toegeken, aangesien die spesifieke aanhaling met verskillende kodes verband hou.

Voorbeeld 2:

Aanhaling: “’’n Pa moet jou nie slaan nie, hy moet jou na ’n kamer toe vat en dan met jou gaan praat.”

Kode 1: [Praat]

Kode 2: [Dissipline]

Kodes wat met mekaar verband hou, is hierna saamgegroepeer. Families is geskep en belangrike verhoudings, assosiasies en onderlinge verbande is hierdeur uitgewys. Lamb et al.

(1987) se drie komponente van pa-betrokkenheid, naamlik verantwoordelikheid, toeganklikheid en toenadering, is vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik om name aan die verskillende families toe te ken.

Voorbeeld 3:

Kodes: [Aanmoedig] [Betroubaar] [Bystaan] [Drukkies gee] [Geen geheime] [Gelukkig maak] [Handvashou] [Help as been breek] [Liefde gee] [Omgee] [Pa seun vertrou] [Regverdig wees] [Respek] [Seun pa vertrou] [Troos] [Trots]

Familie: Toenadering

Alle belangrike aanhalings, kodes en families wat in hierdie ondersoek gebruik is, asook die vergelyking van die resultate van hierdie ondersoek met dié in die literatuur, word in die volgende twee hoofstukke bespreek. Enige ander relevante inligting, wat nie noodwendig in die bandopnames na vore gekom het nie, en wat tydens die fokusgroepbesprekings deur die fasiliteerder opgemerk is (byvoorbeeld "sensitiewe oomblikke"), is ook aangedui.

4.7 Samevatting

Die doel van hierdie ondersoek is om die persepsies van graad 7- en 8-seuns oor die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te bepaal. Agtien deelnemers is aan die hand van bepaalde kriteria in 'n laerskool in 'n plattelandse omgewing in die Wes-Kaap geïdentifiseer. Die deelnemers is op 'n toevallige wyse aan drie fokusgroepe van ses deelnemers elk toegedeel. 'n Oop vraag is aan die groepe gevra en die gesprekke is met 'n oudio-opnemer opgeneem. Nadat die groepbesprekings getranskribeer is, is dit op 'n Atlas.ti (2007)-program gelaai vir die ontleding van die data. Die resultate en die bespreking van die resultate word in die volgende twee hoofstukke aangebied.

HOOFSTUK 5

RESULTATE

5.1 Inleiding

Uit die transkripte van die fokusgroepe, en met behulp van die Atlas.ti (2007)-program, het drie families, bestaande uit verbandhoudende kodes, te voorskyn gekom. Lamb et al. (1987) se beskrywing van drie komponente van pa-betrokkenheid, naamlik verantwoordelikheid, toeganklikheid en toenadering, is gebruik om hierdie families mee saam te stel.

’n Bykomende familie word ook in hierdie hoofstuk rapporteer wat nie as ’n familie onder pa-betrokkenheid ressorteer nie, maar wat wel ingesluit word aangesien dit oor seuns se persepsies van hoe pa’s nié moet optree nie, handel. Dieselfde prosedures wat gevolg is om die families wat met pa-betrokkenheid verband hou voor te stel, is gevolg om hierdie familie uiteen te sit.

In hierdie hoofstuk word die families (bestaande uit kodes) wat in die ondersoek te voorskyn gekom het, uiteengesit. Die kodes van die onderskeie families word verskaf, en die kodes wat die meeste tydens die besprekings na vore gekom het, word verder toegelig.

5.2 Families

Vervolgens word die verskillende families wat in hierdie ondersoek gevind is, uiteengesit. Alle kodes wat verband hou met die spesifieke familie word daarna vermeld. Daar sal meer aandag gegee word aan die kodes wat meer opvallend is, met ander woorde die kodes wat aansienlik meer aangehaal is, as dié wat op grond van minder aanhalings gevorm is. ’n Beskrywing van die simbole wat in afdeling 5.2 gebruik word, word in Tabel 5.1 verskaf.

Tabel 5.1

Beskrywing van Simbole soos wat dit in die Rapportering van Resultate gebruik word

Simbool	Beskrywing
“ ”	’n Aanhaling word tussen hierdie simbool aangedui.
[ ]	’n Kode word tussen hierdie simbool aangedui.
...	Irrelevante gedeeltes van die oorspronklike aanhaling word weggelaat.

5.2.1 Familie 1: Verantwoordelikheid

Hierdie familie is geskep in terme van Lamb et al. (1987) se definisie dat verantwoordelikheid enige aktiwiteite van die pa se direkte sorg aan die kind, of enige reëlings wat deur die pa getref is wat verband hou met die versorging van die kind, insluit.

KODES: Met die ontleding van die data is 43 kodes geïdentifiseer wat met die verantwoordelikhede van ’n pa verband hou, en is dit saam gegroepeer om die familie *verantwoordelikheid* te vorm. In Figuur 5.1 word die verskillende kodes aangedui wat met verantwoordelikheid verband hou:



Figuur 5.1. Kodes van die familie *verantwoordelikheid*

Die kodes van hierdie familie bevat altesaam 103 aanhalings wat as relevant tot ’n spesifieke kode geïdentifiseer is. Daar is vier kodes in hierdie familie wat baie opvallender is en wat aansienlik meer aanhalings bevat as die ander kodes wat ook deel van die familie uitmaak. Hierdie kodes is [Voorsien], [Dissipline], [Reg help] en [Beskerm]. Verder aan volg ’n uiteensetting van die prominenter kodes wat in hierdie familie voorkom, asook voorbeelde van aanhalings vir hierdie kodes:

Kode: [Voorsien]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 18

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Sê nou jy vra vir hom iets hy moet nie jou wegstoot of wegjaag nie. Hy moet vir jou dit gee of antwoord."

- Onderhoudvoerder: "Ondersteun in watter opsig?"

Deelnemer 5: "Soos enige iets wat die kind nodig het of so miskien."

Deelnemer 1: "Soos byvoorbeeld skoolboeke, inkleurboeke, daardie goed wat baie belangrik is ..."

- "As die kind se skoene miskien voor stukkend is dan moet hy vir die kind skoene koop en vir die kind klere koop."

- "Hy moet vir jou alles kan gee wat jy nodig het wat jy vir hom vra."

- "Soos byvoorbeeld as ek hom vra om my iets te koop, byvoorbeeld ek vra dat hy my klere koop dan ek nie geld daarvoor nie dan gee hy altyd vir my die geld daarvoor en ook iets vir myself dat ek 'n beter toekoms kan hê."

- "Hy moet altyd kyk of daar kos in die huis is, skoene vir die kinders."

Kode: [Dissipline]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 13

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "As my ma my iets gee om te doen en ek dit nie doen dan gee my ma my pak dan gaan sit ek alleen in my kamer en dan kom sit my pa by my en gesels met my oor wat ek gedoen het."

- “As die pa lief is vir die seun en hy wil nie hê die seun moet verkeerde dinge doen nie, dan moet hy nie vir die seun stuur om biere of sigarette te gaan koop nie, want dan kan die seun ook later vir homself biere of sigarette gaan koop.”

- “... en as jy miskien iets verkeerd gedoen het moet jou pa jou nie voor jou vriende uitskel nie hy moet jou eenkant roep en dan vir jou uitskel.”

- “Ja, maar hy moet vir jou sê as jy verkeerd gedoen het.”

- “’n Pa moet nie net vir sy kind maniere leer nie en moet vir die kind leer maniere, respek en dissipline want dis die drie belangrikste goed wat mens moet hê om eendag jou doel te bereik.”

- “As ek stout was of lelik was dan sê hy my agterna ek moet gehoorsaam wees ...”

Kode: [Reghelp]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 8

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- “As ek moet hout kap en ek doen dit nie reg dan wys my pa vir my hoe om dit te doen.”

- “As ek iets verkeerd doen of skryf by ’n som dan sê hy my hoe om dit te doen.”

- “Soos as ek nie die regte antwoorde kan kry nie dan wys hy vir my op ’n stuk papier. Hy help my.”

Kode: [Beskerm]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 6

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "... as iemand my slaan oor iets wat ek gedoen het sal my pa dit altyd regstel. Hy sal my beskerm."
- "... hy beskerm my."
- "My pa moet my kan beskerm teen alle kwaad dinge wat om my kan gebeur. Hy beskerm my ..."
- "Dis 'n pa se plig om jou te beskerm."
- "'n Pa moet vir sy huis kan sorg en lief wees, en beskerm."

Hierdie familie bevat die meeste kodes en aanhalings van die drie families wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is. Dit is ook opvallend dat vier van die nege kodes wat in hierdie ondersoek die prominentste in vergelyking met die ander kodes voorkom, met verantwoordelikheid verband hou.

5.2.2 Familie 2: Toeganklikheid

Lamb et al. (1987) definieer toeganklikheid as die pa se teenwoordigheid by sy kind, asook sy beskikbaarheid vir sy kind. Aan die hand van hierdie definisie is 'n tweede familie geskep, naamlik *toeganklikheid*.

In hierdie ondersoek is 18 kodes geïdentifiseer wat saam gegroepeer is om die familie *toeganklikheid* te vorm. In Figuur 5.2 word die verskillende kodes van hierdie familie aangetoon:



Figuur 5.2. Kodes van die familie *toeganklikheid*

AANHALINGS: Die kodes van hierdie familie bevat altesaam 50 aanhalings, en daar is drie kodes wat bo die ander kodes uitstaan in terme van die aantal aanhalings wat dit bevat. Hierdie kodes is [Praat], [Daar wees vir kind] en [Aandag gee]. ’n Uiteensetting en voorbeelde van aanhalings van hierdie kodes word vervolgens verskaf:

Kode: [Praat]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 13

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "... dan gaan sit ek alleen in my kamer en dan kom sit my pa by my en gesels met my oor wat ek gedoen het."
- "Hy moet praat met jou wat het jy vandag gedoen, vir jou vra hoe jou dag was, het jy enige huiswerk wat ek jou mee kan help of so."
- "As iemand my seer maak dan praat ek en hy."
- "... so hy praat met my terwyl ek oefen."
- "... en die pa moet sê wat op sy hart is."
- "... as ek verjaar sal my pa my hand vat dan praat hy met my ..."

Kode: [Daar wees vir kind]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 8

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "... en hy moet sy kinders ondersteun hy moet altyd daar wees vir sy kind en moet nie lelik wees met sy kind nie."
- "... wanneer sy kind vir hom nodig het moet hy daar wees vir hom."
- "Dis nie noodwendig die pa se plig om soentjies te gee nie, die pa daar wees is dit ook reg."

Kode: [Aandag gee]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 8

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Hy moet vir sy seun baie aandag gee as hy dit nodig het."
- "Hy gee vir my baie aandag as ek by die huis kom en hy is by die huis."
- "... en as ek eendag 'n pa is wil ek beter goetes doen, as wat my pa gedoen het toe ek klein was. Ek wil vir my kinders eendag meer aandag gee as wat ek self gekry het. Wil vir hulle goed doen wat hulle nodig het."

Hierdie familie bevat die tweede meeste kodes van die drie families wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is. Drie van die nege kodes wat in hierdie ondersoek die prominentste voorkom in vergelyking met die ander kodes, hou met toeganklikheid verband.

5.2.3 Familie 3: Toenadering

Die derde komponent van Lamb et al. (1987) se beskrywing van pa-betrokkenheid is toenadering, en sluit ervarings van direkte kontak, omgee en interaksie wat plaasvind tussen die pa en sy kind in. Hierdie komponent word gebruik om die laaste familie van hierdie ondersoek te vorm, naamlik *toenadering*.

KODES: Die familie *toenadering* bevat 16 kodes wat saam gegroepeer is om hierdie familie te vorm. Figuur 5.3 stel die verskillende kodes van die familie voor:



Figuur 5.3. Kodes van die familie *toenadering*

Die kodes van hierdie familie bestaan uit 54 aanhalings, en die opvallendste kodes wat duidelik onderskei kan word van die res in terme van die hoeveelheid aanhalings is [Liefde gee] en [Drukkies gee]. ’n Uiteensetting van hierdie opvallender kodes en voorbeelde van hulle aanhalings word hier onder verskaf:

Kode: [Liefde gee]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 14

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- “’n Pa moet altyd goed doen met sy seun om te wys hy’s lief vir hom.”
- “Omgee vir jou en liefhê.”

- "'n Pa moet vir sy huis kan sorg en lief wees, en beskerm."
- "'n Pa moet lief wees vir sy familie."
- "Soggens moet hy kan opstaan om werk toe te gaan vir sy seun by die skool gaan aflaai dan weet jy hy is lief vir jou."

Kode: [Drukkies gee]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 9

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "My pa gee vir my drukkies of ek gee vir hom drukkies wanneer ek miskien hartseer is of so."
- "Soos as ek goed doen in sports dan gee hy my 'n drukkie."
- "Wanneer die seun hartseer is moet die pa hom troos en hom beter maak voel. Hy moet vir hom 'n drukkie gee."
- "Dis belangrik vir 'n pa om sy seun drukkies te gee omdat party keer dink die kind die pa is nie lief vir hom nie."

Alhoewel hierdie familie die minste kodes van al die families bevat, is dit interessant om op te let dat hierdie familie uit die tweede meeste aanhalings bestaan. Twee van die nege kodes wat die prominentste voorkom, val onder hierdie familie.

Benewens die drie families wat deur middel van die fokusgroepbesprekings geïdentifiseer is en die resultate van hierdie ondersoek uitmaak, is daar egter ook 'n ander familie (met kodes) wat in hierdie ondersoek na vore gekom het. Hierdie familie hou nie verband met wat pa's

moet doen om betrokke te wees in seuns se lewens nie, maar juis met dít wat hulle nie moet doen nie. Hierdie familie word in afdeling 5.3 uiteengesit.

5.3 Wat pa's nie moet doen nie

Sommige aanhalings wat in die fokusgroepbesprekings met die graad 7- en 8-seuns voorgekom het, hou nie verband met pa-betrokkenheid nie, maar is wel belangrik genoeg geag om vermeld te word. Hierdie aanhalings handel oor wat seuns meen pa's nié aan seuns moet doen nie. Hierdie bykomende resultate word ook in die vorm van 'n familie genaamd *Wat pa's nie moet doen nie* uiteengesit.

Die bykomende familie *Wat pa's nie moet doen nie*, bestaan uit sewe kodes en word in Figuur 5.4 geïllustreer:



Figuur 5.4. Kodes van die bykomende familie *Wat pa's nie moet doen nie*

Die kodes van hierdie familie bevat altesaam 16 aanhalings wat verband hou met mekaar om hierdie familie te vorm. Daar is slegs een kode wat opvallend is in terme van die hoeveelheid aanhalings waaruit die kodes bestaan, naamlik [Nie drukkies of soene nie]. ’n Uiteensetting van die kode word hier onder verskaf:

Kode: [Nie drukkies of soene nie]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 6

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- “Omdat hy ’n man is nou is ek ook ’n man, dis snaaks om vir ’n ander man ’n drukkie te gee.”
- “Ek weet nie van my is nie, maar ek dink dit is nie ’n moet dat ’n pa vir jou ’n drukkie moet gee nie, maar hy kan op ’n ander manier ook wys hoe hy lief is vir jou of so.”

Hierdie familie word slegs vermeld omdat dit ook seuns se persepsies van pa’s insluit. Dit is interessant dat die kode wat in hierdie familie die prominentste voorgekom het, naamlik [Nie drukkies of soene nie], die teenoorgestelde is van een van die prominentste kodes in die familie *toenadering*, naamlik [Drukkies gee].

5.4 Samevatting

In hierdie ondersoek is bevestiging vir die bestaan van drie families wat met pa-betrokkenheid verband hou, gevind, naamlik *verantwoordelikheid*, *toeganklikheid* en *toenadering*. Die familie *verantwoordelikheid* bestaan uit 49 kodes en 116 aanhalings, en is die grootste familie in terme van kodes en aanhalings. Die opvallendste kodes, in terme van die hoeveelheid aanhalings in vergelyking met die ander kodes, is [Voorsien], [Dissipline], [Reghelp] en

[Beskerm]. Alle data wat te voorskyn gekom het wat versorgingsaktiwiteite van pa's aan seuns insluit, is onder hierdie familie ingedeel.

Die tweede grootste familie (wat kodes betref) wat in hierdie ondersoek gevind is, is *toeganklikheid*. Toeganklikheid beskryf die pa se teenwoordigheid by sy seun, asook sy beskikbaarheid vir sy seun. Daar is 18 kodes en 50 aanhalings wat onder hierdie definisie van toeganklikheid ressorteer. Die kodes wat aansienlik meer aanhalings bevat is [Praat], [Daar wees vir kind] en [Aandag gee].

Die kleinste familie in terme van die aantal kodes wat dit bevat, maar met die tweede grootste hoeveelheid aanhalings, is *toenadering*. Met slegs 16 kodes, maar 54 aanhalings, sluit hierdie familie enige ervarings van omgee, direkte kontak en interaksie tussen die pa en sy seun in. Die belangrikste kodes wat in hierdie familie na vore gekom het, is [Liefde gee] en [Drukkies gee].

'n Bykomende familie, naamlik *Wat pa's nie moet doen nie*, vorm nie deel van pa-betrokkenheid nie, maar behels kodes en aanhalings wat seuns meen pa's nié moet doen nie. Sewe kodes en 16 aanhalings is geïdentifiseer, waarvan [Nie drukkies of soene nie] die prominentste kode is. In die volgende hoofstuk word die resultate wat in hierdie hoofstuk rapporteer is, bespreek en met vorige navorsing en bestaande teorieë vergelyk.

HOOFSTUK 6

BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

6.1 Inleiding

Die doel van hierdie navorsingsprojek is om die persepsies van graad 7- en 8-seuns van die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te ondersoek en te beskryf. Agtien deelnemers is geïdentifiseer en data is deur middel van fokusgroepbesprekings ingesamel. Die gesprekke, wat op 'n oudio-opnemer opgeneem en daarna getranskribeer is, is op die Atlas.ti (2007)-program gelaai wat spesiaal ontwerp is vir kwalitatiewe data-ontleding. Uit die ontleding is drie families geïdentifiseer, elk met hulle afsonderlike kodes en aanhalings, in ooreenstemming met die teoretiese raamwerk wat ontwikkel is deur Lamb et al. (1987).

Verder aan word die resultate bespreek en met vorige navorsing en bevindinge vergelyk. Tekortkominge van hierdie ondersoek en 'n gevolgtrekking word ook in hierdie hoofstuk ingesluit.

6.2 Families

In hierdie afdeling word die families wat in hoofstuk 5 uiteengesit is, bespreek, en die resultate van hierdie ondersoek word met vorige navorsing vergelyk.

6.2.1 Familie 1: Verantwoordelikheid

Die familie *verantwoordelikheid* sluit by Lamb et al. (1987) se definisie aan en sluit enige aktiwiteite van die pa met betrekking tot die kind se direkte sorg of reëlings in verband met die versorging van die kind in. 'n Totaal van 43 kodes is uit die transkripte van die

fokusgroepbesprekings geïdentifiseer wat ooreenstem met die definisie van hierdie familie (vergelyk afdeling 5.2.1).

Die kode [Voorsien] is die opvallendste kode in terme van die hoeveelheid aanhalings wat dit bevat (18 aanhalings), en is geskep op grond van deelnemers se menings dat dit pa's se plig is om sekere benodigdhede te voorsien. Van hierdie benodigdhede sluit kos, klere, skoene en skoolboeke in. In ooreenstemming hiermee stipuleer Bruce en Fox (1999) dat 'n pa se verantwoordelikhede versorgingsfunksies, soos om sy gesin te voed, moet insluit. Verskeie ander navorsers ondersteun ook die stelling dat die versorgingsaktiwiteite van pa's belangrik is wanneer die rol van pa's gedefinieer word (Mendes, 1976; Summers et al., 1999). Marsiglio, Day et al. (2000) voeg 'n komponent van ekonomiese voorsiening by pa-betrokkenheid wat ooreenstem met hierdie kode. Hierdie aspek stem ooreen binne alle kontekste, ongeag die demografiese of kulturele verskille, en word deur verskeie kenners vermeld as 'n belangrike kenmerk van pa-betrokkenheid (Amato, 1998; Bryan & Ajo, 1992; Coley, 2001; Doherty et al., 1998; Halle, 2002; Hamer, 1997; LaRossa, 1997).

[Dissipline] is 'n kode wat ook prominent voorkom, en bestaan uit 13 aanhalings. Hierdie kode is geskep omdat die deelnemers genoem het dat pa's seuns moet dissiplineer, maniere aan kinders leer, en kinders moet leer om gehoorsaam te wees. Hierdie bevinding word deur Lamb (1987) ondersteun, wat meen dat die betrokkenheid van 'n pa 'n invloed het op die kind se interne lokus van kontrole. Vorige navorsing postuleer ook dat pa's die rol van 'n gesagsfiguur, opvoeder en morele leier moet aanneem (Halle, 2002; Hamer, 1997; Parke, 1996; Sanderson & Thompson, 2002; Summers et al., 1999). Voorafgemelde navorsing ondersteun ook ander kodes (met minder aanhalings) wat in hierdie ondersoek gevind is:

Kode: [Respek]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 5

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "'n Pa moet respek hê vir sy kind en as hy nie respek het vir sy kind nie gaan die kind ook nie respek hê vir hom nie, en gaan hulle onbskof wees met mekaar."
- "'n Pa moet nie net vir sy kind maniere leer nie en moet vir die kind leer maniere, respek en dissipline want dis die drie belangrikste goed wat mens moet hê om eendag jou doel te bereik."

Kode: [Leer van mense en maniere]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 5

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Hy moet jou verskillende dinge leer van mense. Hy moet vir jou dinge sê as jy by mense kom moet jy die mense groet en as hulle jou iets gee moet jy altyd dankie sê."
- "'n Pa moet vir sy kind maniere leer."

Kode: [Leer kind van reg en verkeerd]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 2

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Want 'n pa moet vir sy seun kan wys wat is reg en verkeerd, want hy het deur die lewe van homself geleer en dan moet hy weer vir my leer."

Kode: [Regwys hoe om te lewe]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 1

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Die kind gaan doen wat die pa doen, so hy moet die kind regwys hoe om te lewe."

Kode: [Leer vaardighede]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 1

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Die pa moet vir die kind nuwe vaardighede leer."

Die kode [Reghelp] het ook sterk na vore gekom nadat die deelnemers agt keer genoem het dat dit belangrik is vir pa's om seuns reg te help as hulle take nie op die regte wyse aanpak nie. Parke (1996) se navorsing wys daarop dat pa's 'n gids moet wees vir hul kinders.

Hierdie navorsing bevestig ook die waarde van ander kodes in hierdie familie, soos [Opkyk na pa] en [Netjies], wat impliseer dat seuns die behoefte het om op te kyk na hulle pa's, en dat 'n pa, ter wille van sy seun, 'n netjiese voorkoms moet hê. Freud se psigoanalitiese teorie beklemtoon die belangrikheid van die ouer van dieselfde geslag as 'n rolmodel vir suksesvolle aanpassing van die kind en die ontwikkeling van manlike of vroulike geslagsrolle (Basow, 1992; Blazina, 2001a), en bied dus 'n verklaring vir die bevinding van hierdie ondersoek dat seuns moet kan opkyk na hulle pa's.

'n Laaste kode wat aansienlik ryker is aan aanhalings (ses aanhalings) in hierdie familie is [Beskerm]. Die deelnemers meen hiermee dat dit 'n pa se plig is om sy seun(s) te beskerm.

Verskeie vorige ondersoeke ondersteun die bevinding dat beskerming ’n belangrike aspek van pa-betrokkenheid moet wees (Bryan & Ajo, 1992; Halle, 2002; Hamer, 1997; Parke, 1996; Summers et al., 1999).

Halle (2002) postuleer in sy navorsing dat pa’s morele en spirituele ontwikkeling by hulle kinders moet kweek deur deelname aan godsdienstige aktiwiteite. In ooreenstemming hiermee is die volgende drie kodes (met een aanhaling elk) in hierdie ondersoek gevind: [Bid], [Vertel van Jesus], en [Kerk toe vat].

Volgens geslagsidentiteitsteorieë is ’n rolmodel van dieselfde geslag belangrik vir die ontwikkeling van ’n kind se geslagsidentiteit, en om te leer watter rolle om te bemeester en te vervul in die samelewing. Die psigoanalistiese perspektief beklemtoon spesifiek die ouer van dieselfde geslag se rol in die ontwikkeling van manlike en vroulike persoonlikhede (Basow, 1992; Hergenhaun & Olson, 2003). Gegee die ooreenstemmings tussen die familie *verantwoordelikheid*, soos gevind in hierdie ondersoek, en vorige navorsing, blyk dit dat pa’s sekere verantwoordelikhede het teenoor hulle kinders. As ’n belangrike rolmodel vir seuns ondersteun geslagsidentiteitsteorieë, veral Freud se psigoanalitiese teorie, dat pa’s sekere verantwoordelikhede het teenoor hulle seuns (Basow, 1992; Hergenhaun & Olson, 2003).

In die familie *verantwoordelikheid* is verskeie kodes geïdentifiseer wat deur vorige navorsing bevestig word. Pa’s se betrokkenheid gedurende die kinderjare het ’n invloed op die kind se opvoedkundige en beroepskeuses, kognitiewe ontwikkeling, sowel as sielkundige aanpasbaarheid en welstand (Amato, 1994; Beal, 1994; Lamb, 1987; Palkovitz, 1997). Hierdie bevindinge kan moontlik as redes dien waarom die deelnemers van hierdie ondersoek meen dat pa-betrokkenheid oorheersend die komponent van verantwoordelikheid moet insluit.

6.2.2 Familie 2: Toeganklikheid

Toeganklikheid is die tweede familie wat in hierdie ondersoek geskep is. Op grond van Lamb et al. (1987) se definisie van pa-betrokkenheid word hierdie komponent beskryf as die pa se teenwoordigheid by sy kind, asook sy beskikbaarheid vir sy kind. Met hierdie definisie as grondslag is 18 kodes geïdentifiseer om deel van hierdie familie uit te maak (vergelyk afdeling 5.2.2).

[Praat] en [Aandag gee] is twee van die kodes wat die sterkste na vore gekom het in hierdie familie. Elkeen bestaan onderskeidelik uit 13 en agt aanhalings. Deelnemers het genoem dat pa's 'n plig het om met seuns te kommunikeer en aandag aan hulle te gee wanneer hulle hul pa's nodig het. Gecas en Schwalbe (1986) meen dat dit belangrik is vir pa's om veral aandag te gee aan seuns, en dat, as gevolg van die belangrikheid van geslagsrolmodelle, 'n seun se selfwaarde verhoog wanneer hy tyd met sy pa spandeer. Parke (1996) stel dit ook dat hoë kwaliteit pa-betrokkenheid positiewe uitkomste in terme van die kind se gedrag inhou.

[Daar wees vir kind] is 'n kode wat ook opvallend is in hierdie familie, en bevat agt aanhalings. Die belangrikheid van die pa se teenwoordigheid en beskikbaarheid wanneer seuns hulle pa's nodig het, word hierdeur deur die deelnemers beklemtoon. Parke (1996) is egter van mening dat die kwaliteit van pa-betrokkenheid positiewer uitkomste inhou met betrekking tot akademiese sukses, voorkoms van gedragsprobleme, sosiale gedrag, en geïnternaliseerde probleme, as wat die kwantiteit van pa-betrokkenheid positiewer uitkomste inhou. Baumrind (1991) argumenteer weer dat die kind van 'n onbetrokke pa meer geneig is om negatiewe gedrag te toon, en ondersteun dus 'n beskikbare pa. Geslagsidentiteitsteorieë beklemtoon die belangrikheid van rolmodelle van dieselfde geslag, en ondersteun dus die beskikbaarheid en teenwoordigheid van pa's. Die kind ontwikkel 'n geslagsidentiteit deur middel van die identifikasie met die ouer van dieselfde geslag (volgens psigoanalitiese teorie),

nabootsing van gedrag van dieselfde geslag (volgens sosiale leerteorie), die bewustheid van geslagskategorieë deur kognitewe prosesse (volgens kognitiewe ontwikkelingsteorie), en geslagskemas (volgens die geslagskema-teorie) (Basow, 1992; Beal, 1994; Berger, 2006).

Daar is gevind dat wanneer kinders tyd saam met hulle pa's spandeer, hulle geneig is om aan meer genotvolle aktiwiteite deel te neem, as wanneer hulle tyd saam met hulle ma's spandeer (Montemayor & Brownlee, 1987). Hierdie bevinding ondersteun die response van die deelnemers in hierdie studie, aangesien die volgende kodes, wat 'n meer genotvolle tyd saam met pa's impliseer, ook onder die familie *toeganklikheid* ressorteer:

Kode: [Speel]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 4

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "As ek sê pappa kom speel met my of so dan moet hy kom hy moet nie sê hy is besig of so nie."
- "Ons moet speel met die bal en vir mekaar skop."

Kode: [Saam goed doen]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 2

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "' Pa moet altyd goed doen saam met sy seun."

Kode: [Verjaarsdag]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 2

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "As jy verjaar dan moet jou pa vir jou iets koop, soos 'n game of iets of as jy iets wil hê soos tekkies moet hy dit vir jou koop."
- "As ek verjaar sal my pa my hand vat dan praat hy met my."

Seuns ontwikkel 'n gevoel van waarde deur in aktiwiteite te presteer (Gecas & Schwalbe, 1986), daarom word die relevansie van die kode [Ondersteun] (drie aanhalings) ook beklemtoon.

Toeganklikheid is die tweede grootste familie in terme van die aantal kodes waaruit dit bestaan. Dit is duidelik dat die deelnemers se beskrywing van pa-betrokkenheid verder as blote verantwoordelikhede strek, en dat die teenwoordigheid en beskikbaarheid van pa's belangrik is. Hierdie response van die deelnemers word ondersteun deur ander navorsing wat die pa se aanwesigheid en beskikbaarheid vir sy kinders, die belangrikheid om met sy kinders te speel, asook om hulle op uitstappies te neem, uitlig (Summers et al., 1999). Die toeganklikheid van pa's is, volgens geslagsidentiteitsteorieë, ook belangrik vir die ontwikkeling van die kind se geslagsidentiteit (Basow, 1992; Beal, 1994).

6.2.3 Familie 3: Toenadering

Lamb et al. (1987) se derde komponent van sy definiëring van pa-betrokkenheid sluit ervarings van direkte kontak, omgee en interaksie wat plaasvind tussen die pa en sy kind in, en heet *toenadering*. Hulle definisie is ook in hierdie studie gebruik. *Toenadering* vorm die laaste familie van hierdie ondersoek, en bestaan uit 16 kodes.

Die kode met die meeste aanhalings is [Liefde gee]. Dit bestaan uit 14 aanhalings. Deelnemers het die belangrikheid van 'n pa se liefde vir sy seun beklemtoon. 'n Kode wat

ook prominent voorkom in hierdie familie is [Drukkies gee], wat uit nege aanhalings bestaan. Hierdie aspek wat deur die deelnemers geïdentifiseer is, dui op erkenning, vertroosting en bewys van liefde van die pa aan sy seun. In ooreenstemming hiermee vind Summers et al. (1999) dat pa's liefde en hartlikheid aan kinders moet betoon. Pa's van adolessente meld egter dat hulle vir kinders sal sorg eerder as om hartlikheid te wys deur soene en fisiese drukke (Mendes, 1976). Navorsers oor pa-betrokkenheid inkorporeer wel 'n emosionele aspek (Amato, 1998; Coley, 2001; Doherty et al., 1998) en meen dat pa's voorsieners moet wees van emosionele ondersteuning en vertroosting (Bryan & Ajo, 1992; Hamer, 1997). Van die minder opvallende kodes in hierdie familie, wat ook deur die voorgemelde navorsing ondersteun word, sluit die volgende in:

Kode: [Troos]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 4

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Hy moet jou troos as iets gebeur het."
- "Wanneer die seun hartseer is moet die pa hom troos en hom beter maak voel."

Kode: [Omgee]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 4

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "'n Pa moet omgee vir jou."
- "'n Pa moet kan omgee vir sy seun."

Kode: [Bystaan]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 2

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Die pa moet sy seu bystaan en as hy sukkel moet sy pa hom bystaan."

Kode: [Hand vashou]

Hoeveelheid aanhalings wat in die kode voorkom: 1

Voorbeelde van aanhalings in kode:

- "Ja, dat hy jou hand vashou en so."

'n Belangrike kode van die familie *toenadering* wat deur die deelnemers se response na vore gekom het, is [Respek] (vyf aanhalings) (vergelyk 6.2.1 vir voorbeelde van hierdie kode se aanhalings). Dit word deur die literatuur bevestig as 'n belangrike aspek vir 'n seun om respek van sy ouers te ontvang ten einde positiewe uitkomste, in terme van die kind se self-evaluering, self-waarde en self-esteem, in te hou (Gecas & Schwalbe, 1986).

Die belangrikheid van toenadering is hoog deur die deelnemers aangeslaan, aangesien hierdie familie uit die tweede meeste aanhalings bestaan. Baumrind (1991) het dan ook gevind dat seuns wat nie emosionele ondersteuning van hulle pa's ontvang nie, meer geneig is om negatiewe sosiale en emosionele uitkomste te toon.

6.3 Wat pa's nie moet doen nie

'n Bykomende familie, naamlik *Wat pa's nie moet doen nie*, word ook gerapporteer as 'n selfstandige familie in hierdie ondersoek. Alhoewel hierdie familie nie verband hou met pa-

betrokkenheid nie, is dit wel belangrik genoeg geag om vermeld te word. Die aanhalings van hierdie familie handel oor wat seuns meen pa's nié aan seuns moet doen nie.

Die mees prominentste kode, wat ses aanhalings bevat, is [Nie drukkies of soene nie], en dui daarop dat, volgens die deelnemers, dit vreemd is vir pa's om vir hulle seuns drukkies te gee, en dat dit nie 'n plig van pa's is om vir hulle seuns drukkies of soene te gee nie. Dit is interessant dat hierdie prominente kode die teenoorgestelde is van een van die prominentste kodes in die familie *toenadering*, naamlik [Drukkies gee]. 'n Verklaring hiervoor kan wees dat liefhebbende kommunikasie onder mans teenoor hul seuns tussen gesinne verskil. Sommige mans neem 'n verskuilde manier van kommunikasie aan wanneer dit kom by hartlikheid of ander intieme gedrag (Floyd & Morman, 2003; Wood & Inman, 1993). Byvoorbeeld, sommige pa's sal nie hartlikheid teenoor hulle seuns deur openlike verbale stellings (soos om te sê: "Ek gee om vir jou") of nie-verbale gebare (soos drukkies) gebruik nie, maar eerder deur optrede soos om hulp aan te bied by 'n projek, of om kaartjies na 'n sport byeenkoms te koop.

6.4 Tekortkominge en aanbevelings

Die doel van hierdie navorsing is om die persepsies van graad 7- en 8-seuns van die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te ondersoek, en hoe betrokke hierdie seuns dink pa's in seuns se lewens behoort te wees. Pleck en Pleck (1997) noem dat pa-betrokkenheid 'n sosiale konstruksie is wat met verloop van tyd verander, maar ook tussen kulture verskil.

Die resultate van hierdie ondersoek is spesifiek van toepassing op gesinne van 'n plattelandse omgewing in die Wes-Kaap, en daarom veralgemeenbaar na gesinne met soortgelyke sosio-ekonomiese omstandighede. Dit beperk dus die veralgemeenbaarheid van die resultate na gesinne waarvan die leefwêrelde verskillend is. Die deelnemers van hierdie ondersoek is ook

volgens sekere kriteria ingesluit (vergelyk afdeling 4.3), wat veroorsaak dat die resultate van die ondersoek beskou kan word as komende van ‘n sekere groep seuns. Toekomstige navorsing kan ’n ander verteenwoordigende steekproef van die diverse Suid-Afrikaanse populasie insluit.

Aangesien die gewenste aantal fokusgroepe in een ondersoek drie of meer groepe is (Krueger & Casey, 2000), en die graad 7-seuns wat aan die insluitingskriteria voldoen het slegs twee fokusgroepe uitgemaak het, is graad 7- én graad 8-seuns gebruik om aan hierdie ondersoek deel te neem. Die deelnemers is op ’n toevallige wyse aan die fokusgroepe toegedeel, wat daartoe gelei het dat elke groep uit sowel graad 7- as graad 8-deelnemers bestaan het. In sommige fokusgroepe is van die graad 7-seuns deur die graad 8-deelnemers se teenwoordigheid beïnvloed, moontlik as gevolg van ’n ouderdomsverskil of outoriteitsverskil onder leerlinge in die skool (vergelyk afdeling 5.1). Navorsers moet van hierdie aspek bewus en daarop voorbereid wees, of kan moontlik deelnemers volgens hulle grade indeel om bogenoemde reaksies tussen deelnemers te vermy, aangesien dit die data insamelingsproses bemoeilik.

In hierdie ondersoek is ’n woord of ’n frase, vanuit die deelnemers se formulerings, die enigste maatstaf wat gebruik is in die kodering van response. Wanneer slegs die deelnemers se woorde gebruik word om die kodes te takseer, kan dit onduidelikhede veroorsaak in terme van die betekenis of beskrywing van die kodes, wat moontlik onsekerheid vir die leser meebring. Met die kodering van aanhalings is dit dus belangrik om so duidelik moontlik te wees, omdat die kodes ’n verteenwoordigende voorstelling van die aanhalings wat dit bevat, moet wees.

6.5 Gevolgtrekking

Met die doel om die persepsies van graad 7- en 8-seuns van die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens te ondersoek, blyk dit dat die verantwoordelikheid van pa's die belangrikste komponent van pa-betrokkenheid uitmaak. Hierdie aspek van pa-betrokkenheid sluit take in soos voorsiener van benodigdhede, leier, dissiplineerder, beskermheer en om 'n voorbeeld te stel. Pa's moet ook toeganklik wees vir seuns, wat impliseer dat hulle tyd met hulle seuns moet spandeer, met hulle moet kommunikeer en aandag aan hulle moet gee, en ook vir hulle beskikbaar moet wees. 'n Laaste aspek, naamlik toenadering, word ook beklemtoon en vorm 'n belangrike deel van pa-betrokkenheid. Dit behels dat pa's emosionele ondersteuning, vertroosting en bystand aan seuns moet verskaf. Ook wat hierdie aspek betref is daar 'n tekort aan navorsing en is verdere ondersoeke oor pa-betrokkenheid nodig.

VERWYSINGSLYS

Allen, W.R. (1985). Race, income, and family dynamics: A study of adolescent male socialization processes and outcomes. In M.B Spencer, J.K. Brookings, & W.R. Allen (Reds.), *Beginnings: The social and affective development of black children* (pp. 273-292). Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Amato, P.R. (1994). Father-child relations, mother-child relations, and offspring psychological well-being in early adulthood. *Journal of Marriage and the Family, 56*, 1031-1042.

Amato, P.R. (1998). More than money? Men's contributions to their children's lives. In A. Booth & A.C. Crouter (Reds.), *Men in families: When do they get involved? What difference does it make?* (pp. 241-278). Mahwah NJ: Erlbaum.

Amato, P.R., & Booth, A. (1997). *A generation at risk: Growing up in an era of family upheaval.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Arendell, T. (1996). *Co-parenting: A review of the literature.* Philadelphia: National Centre on Fathers and Families.

Atlas.ti (2007). *Key functions.* Onttrek 5 Oktober, 2007, van http://www.atlasti.com/intro.html.

Bandura, A. (1969). *Principles of behaviour modification.* Stanford CA: Stanford University Press.

Barber, B.K., & Thomas, D.L. (1986). Dimensions of father's and mother's supportive behaviour: The case for physical affection. *Journal of Marriage and the Family, 48*, 783-794.

Barnett, R.C., Marshall, N.L., & Pleck, J.H. (1992). Adult son-parent relationships and their associations with their sons' psychological distress. *Journal of Family Issues, 13*, 505-525.

Baron, R.A., & Byrne, D. (2003). *Social psychology* (10th ed.). New York: Pearson Education.

Baron, R.S., & Kerr, N.L. (2003). *Group process, group decision, group action* (2nd ed.). Buckingham: Open University Press.

Basow, S.A. (1992). *Gender: Stereotypes and roles* (3rd ed.). California: Brooks/ Cole.

Baumrind, D. (1991). Authoritarian vs. authoratative parental control. *Adolescence, 3*(11), 255-272.

Beal, C.R. (1994). *Boys and girls: The development of gender roles.* New York: McGraw-Hill.

Beitel, A.H., & Parke, R.D. (1998). Paternal involvement in infancy: The role of maternal and paternal attitudes. *Journal of Family Psychology,12*, 268-288.

Belsky, J. (1979). The interrelation of parental and spousal behavior during infancy in traditional nuclear families: An exploratory analysis. *Journal of Marriage and the Family, 41*, 749-755.

Belsky, J. (1984). The determinants of parenting: A process model. *Child Development, 55*, 83-96.

Berger, K.S. (2006). *The developing person through childhood* (4th ed.). New York: Worth Publishers.

Berger, P.L., & Kellner, H. (1964). Marriage and the construction of reality: An exercise in the microsociology of knowledge. In G. Handel & G.G. Whitchurch (Reds.), *The psychosocial interior of the family* (pp.19-36). New York: Aldine de Gruyter.

Biller, H.B. (1981). Father absence, divorce, and personality development. In M.E. Lamb (Red.), *The role of the father in child development* (2nd ed., pp. 489-552). New York: Wiley.

Blazina, C. (2001a). Analytic psychology and gender role conflict: The development of the fragile masculine self. *Psychotherapy: Theory, Research, Practice, Training, 38*, 50-59.

Booth, A., & Crouter, A.C. (1998). *Men in families: When do they get involved? What difference does it make?* Mahwah NJ: Erlbaum.

Boyum, L.A., & Parke, R.D. (1995). The role of family emotional expressiveness in the development of children's social competence. *Journal of Marriage and the Family, 57*, 593-608.

Braver, S.L., & O'Connell, D. (1998). *Divorced dads: Shattering the myths.* New York: Putnam.

Bronfenbrenner, U. (Red.) (2005). *Making human beings human: Bioecological perspectives on human development.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Brotherson, S.E., Dollahite, D.C., & Hawkins, A.J. (2004). Generative fathering and the dynamics of connection between fathers and their children. *Fathering: A Journal of Theory, Research, and Practice about Men as Fathers, 3*, 1-28.

Browne, C.S., & Rafi, J.C. (1991). Social, personality, and gender differences in at-risk not at-risk sixth-grade students. *Journal of Early Adlescence, 11*(4), 482-495.

Bruce, C., & Fox, G.L. (1999). Accounting for patterns of father involvement: Age of child, father-child coresidence, and father role salience. *Sociological Inquiry, 69*, 458-476.

Bryan, D.L., & Ajo, A.A. (1992). The role perception of African American fathers. *Social Work Research and Abstracts, 28*(3), 17-21.

Cast, A. (2003). Identities and behaviour. In P.J. Burke, T.J. Owens, R.T. Serpe, & P.A. Thoits (Reds.), *Advances in identity theory and research* (pp. 41-56). New York: Kluwer Academic.

Coley, R.L. (2001). (In)visible men: Emerging research on low-income, unmarried, and minority fathers. *American Psychologist, 56*, 743-753.

Coley, R.L. (2003). Daughter-father relationships and adolescent psychosocial functioning in low-income African American families. *Journal of Marriage and Family, 65*, 867-875.

Coley, R.L., & Chase-Lansdale, P.L. (1999). Stability and change in paternal involvement among urban African American fathers. *Journal of Family Psychology, 13*, 1-20.

Coley, R.L., & Morris, J.E. (2002). Comparing father and mother reports of father involvement amoung low-income minority families. *Journal of Marriage and Family, 64*, 982-997.

Coltrane, S. (1996). *Family man: Fatherhood, housework, and gender equity.* New York: Oxford University Press.

Cooksey, E.C., & Craig, P.H. (1998). Parenting from a distance: The effects of paternal characteristics on contact between nonresidential fathers and their children. *Demography, 35*, 187-200.

Cutrona, C.E., Hessling, R.M., Bacon, P.L., & Russell, D.W. (1998). Predictors and correlates of continuing involvement with the baby's father amoung adolescent mothers. *Journal of Family Psychology, 12*, 369-387.

Dienhart, A. (1998). *Reshaping fatherhood: The social construction of shared parenting.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Dienhart, A. (2001). Make room for daddy: The pragmatic potentials of a tag-team structure for sharing parenting. *Journal of Family Issues, 22*(8), 973-999.

Doherty, W.J., Kouneski, E.F., & Erickson, M.F. (1998). Responsible fathering: An overview and conceptual framework. *Journal of Marriage and the Family, 60*, 277-292.

Dollahite, D.C., & Hawkins, A.J. (1998). A conceptual ethic of generative fathering. *The Journal of Men's Studies, 7*, 109-132.

Floyd, K., & Morman, M.T. (2003). Human affection excgange: II. Affectionate communication in father-son relationships. *The Journal of Social Psychology, 143*, 599-612.

Friedman, B.D. (1998). *The research toolkit: Putting it all together.* London: Brooks/ Cole.

Gecas, V., & Schwalbe, M.L. (1986). Parental behaviour and adolescent self-esteem. *Journal of Marriage and the Family, 48*, 37-46.

Gergen, K.J. (2000). *An invitation to social constructionism.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Griswold, R.L. (1993). *Fatherhood in America: A history.* New York: Basic Books.

Halle, T. (2002). *Charting parenthood: A statistical portrait of fathers and mothers in America.* Washington, DC: Child Trends.

Hamer, J.F. (1997). The father of "fatherless" Black children. *Families in society: The Journal of Contemporary Human Services, 78*(6), 564-578.

Hawkins, A.J., & Dollahite, D.C. (1997). Beyond the role-inadequacy perspective. In A.J. Hawkins & D.C. Dollahite (Reds.), *Generative fathering: Beyond deficit perspectives* (pp. 3-16). Thousand Oaks, CA: Sage.

Hawkins, A.J., & Palkovitz, R. (1999). Beyond ticks and clicks: The need for more diverse and broader conceptualizations and measures of father involvement. *The Journal of Men's Studies, 8*, 11-32.

Henley, K., & Pasley, K. (2005). Conditions affecting the association between father identity and father involvement. *Fathering, 3*, 59-80.

Hergenhaun, B.R., & Olson, M.H. (2003). *An introduction to theories of personality* (6th ed.). New Jersey: Prentice Hall.

Hochschild, A. (1989). *The second shift.* New York: Avon Books.

Hofferth, S. (2003). Race/ ethnic differences in father involvement in two-parent families. *Journal of Family Issues, 24*, 185-216.

Jacobvitz, D., & Sroufe, L.A. (1987). The early caregiver-child relationship and attention-deficit disorder with hyperactivity in kindergarten: A prospective study. *Child Development, 58*, 1488-1495.

Kitzinger, J. (1994a). The methodology of focus groups: the importance of interaction between research participants. *Sociology of Health and Illness, 16* (1), 103-121.

Kitzinger, J., & Farquhar, C. (1999). The analytical potential of "sensitive moments" in focus group discussions. In R.S. Barbour, & J. Kitzinger (Reds.), *Developing focus group research: Politics, theory and practice* (pp. 156-172). Thousand Oaks, CA: Sage.

Krishnakumar, A., & Black, M. (2003). Family processes within three-generation households and adolescent mothers' satisfaction with father involvement. *Journal of Family Psychology, 17*, 488-498.

Krueger, R.A., & Casey, M.A. (2000). *Focus groups: A practical guide for applied research* (3rd ed.). London: Sage.

Lamb, M.E. (1987). Introduction: The emergent American father. In M.E. Lamb (Red.), *The father's role: cross-cultural perspectives* (pp. 3-26). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Lamb, M.E. (1997). *The role of the father in child development* (3rd ed.). New York: Wiley.

Lamb, M.E. (2000). The history of research on father involvement: An overview. *Marriage & Family Review, 29*, 23-42.

Lamb, M.E., Pleck, J.H., Charnov, E.L., & Levine, J.A. (1987). A biosocial perspective on paternal behaviour and involvement. In J.B. Lancaster, J. Altman, A. Rossi, & L.R. Sherrod (Reds.), *Parenting across the lifespan: Biosocial perspectives* (pp. 11-42). New York: Academic.

Landale, N., & Oropesa, R.S. (2001). Father involvement in the lives of mainland Puerto Rico children: Contributions of nonresident, cohabiting, and married fathers. *Social Forces, 79*, 945-968.

LaRossa, R. (1988). Fatherhood and social change. *Family Relations, 37*, 451-457.

LaRossa, R. (1997). *The modernization of fatherhood: A social and political history.* Chicago: University of Chicago Press.

LaRossa, R., & Reitzes, D.C. (1993). Symbolic interactionism and family studies. In P.G. Boss, W.J. Doherty, R. LaRossa, W.R. Schumm, & S.K. Steinmetz (Reds.), *Sourcebook of family theories and methods: A contextual approach* (pp. 135-163). New York: Plenum.

Larson, R., & Richards, M. (1994). *Divergent realities: The emotional lives of mothers, fathers, and adolescents.* New York: Basic Books.

LeCroy, C.W. (1988). Parent-adolescent intimacy: Impact on adolescent functioning. *Adolescence, 23*, 137-147.

Lerner, R.M., & Lerner, J.V. (1986). Contextualism and the study of child effects in development. In R. Rosnow & M. Georgoudi (Reds.), *Contextualism and understanding in behavioural science* (pp. 89-104). New York: Praeger.

Litosseliti, L. (2003). *Using focus groups in research.* New York: Continuum.

Luepnitz, D.A. (1988). *The family interpreted: Feminist theory in clinical practice.* New York: Basic Books.

Madden-Derdich, D.A., & Leonard, S.A. (2000). Parental role identity and fathers' involvement in coparental interaction after divorce: Fathers' perspectives. *Family Relations, 49*, 311-318.

Marsiglio, W. (1995). Fatherhood scholarship: Overview and agenda. In W. Marsiglio (Red.), *Fatherhood: Contemporary theory, research, and policy* (pp. 1-20). Thousand Oaks: Sage.

Marsiglio, W., Amato, P., Day, R.D., & Lamb, M.E. (2000). Scholarship on fatherhood in the 1990's and beyond. *Journal of Marriage and the Family, 62*, 1173-1191.

Marsiglio, W., & Cohan, M. (2000). Contextualizing father involvement and paternal influence: Sociological and qualitative themes. *Marriage and the Family Review, 29*, 75-95.

Marsiglio, W., Day, R.D., & Lamb, M.E. (2000). Exploring fatherhood diversity: Implications conceptualizing father involvement. *Marriage and the Family Review, 29*, 269-293.

Mendes, H.A. (1976). Single fathers. *The Family Coordinator, 25*, 439-444.

Miltenberger, R.G. (2004). *Behaviour modification: Principles and procedures* (3rd ed.). New York: Thomson Learning.

Minuchin, S., & Fishman, H.C. (1981). *Family therapy techniques.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Montemayor, R., & Brownlee, J.R. (1987). Fathers, mothers, and adolescents: Gender-based differences in parental roles during adolescence. *Journal of Youth and Adolescence, 16*, 281-291.

Morgan, D.L. (1997). *Focus groups as qualitative research* (2nd ed.). London: Sage.

Okagaki, L., & Divecha, D.J. (1993). Development of parental beliefs. In T. Luster & L. Okagaki (Reds.), *Parenting: An ecological perspective* (pp. 35-68). Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Palkovitz, R. (1997). Reconstructing "involvement": Expanding conceptualizations of men's caring in contemporary families. In A.J. Hawkins & D.C. Dollahite (Reds.), *Generative fathering: Beyond deficit perspectives* (pp. 200-216). Thousand Oaks, CA: Sage.

Parke, R.D. (1996). *Fatherhood.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Parke, R.D. (2000). Father involvement: A developmental psychological perspective. *Marriage and Family Review, 29*, 2-4.

Parke, R. D. (2002). Fathers and families. In M. H. Bornstein (Red.), *Handbook of parenting: Vol 3: Being and becoming a parent* (2nd ed., pp 27-63). Mahwah, NJ: Lawrens Erlbaum.

Pleck, E.H., & Pleck, J.H. (1997). Fatherhood ideals in the United States: Historical dimentions. In M.E. Lamb (Red.), *The role of the father in child development* (3rd ed., pp. 33-48). New York: Wiley.

Pleck, J.H. (1997). Paternal involvement: Levels, sources, and consequences. In M.E. Lamb (Red.), *The role of the father in child development* (3rd ed., pp. 66-103). New York: John Wiley & Sons.

Pleck, J.H., & Stueve, J.L. (2001). Time and paternal involvement. In K. Daly (Red.), *Minding the time in family experience: Emerging perspectives on family research, Vol. 3.* St. Louis, MO: Elsevier Science & Technology Books.

Pleck, J.H., & Stueve, J.L. (2004). A narrative approach to paternal identity. In R.D. Day & M.E. Lamb (Reds.), *Conceptualizing and measuring father involvement* (pp. 83-107). Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Rane, T.R., & McBride, B.A. (2000). Identity theory as a guide to understanding father's involvement with their children. *Journal of Family Issues, 21*(3), 347-366.

Rangarajan, A., & Gleason, P. (1998). Young unwed fathers of AFDC children: Do they provide support? *Demography, 35*, 175-186.

Reber, A.S., & Reber, E.S. (2001). *Dictionary of Psychology.* London: Penguin Books.

Richards, M.H., Gitelson, I.B., Peterson, A.C., & Hurtig, A.L. (1991). Adolescent personality in girls and boys: The role of mothers and fathers. *Psychology of Women Quarterly, 15*, 65-82.

Roggman, L.A. (2004). Do fathers just want to have fun? Commentary on theorizing the father-child relationship. *Human Development, 47*, 228-236.

Rollins, B.C., & Thomas, D.L. (1979). Parental support, power, and control techniques in the socialization of children. In W.R. Burr, R. Hill, F.I. Nye, & I.L. Reiss (Reds.), *Contemporary theories about the family* (pp. 317-364). New York: Free Press.

Rosenberg, M. (1979). *Conceiving the self.* New York: Basic Books.

Rutter, V., & Schwartz, P. (2000). Gender, marriage, and diverse possibilities for cross-sex and same-sex pairs. In D.H. Demo, K.R. Allen, & M.A. Fine (Reds.), *Handbook of family diversity* (pp. 59-81). New York: Oxford University Press.

Sanderson, S., & Thompson, V.L.S. (2002). Factors associated with perceived paternal involvement in childrearing. *Sex Roles, 46*(3-4), 99-111.

Scharfe, E. (2003). Stability and change of attachment representations from cradle to grave. In S. Johnson & V. Whiffen (Reds.), *Attachment processes in couple and family therapy* (pp. 64-84). New York: Guilford Press.

Schwandt, T.A. (2000). Three epistemological stances for qualitative inquiry: Interpretivism, hermeneutics, and social constructionism. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Reds.), *Handbook of qualitative research* (2nd ed., pp. 189-214). Thousand Oaks, CA: Sage.

Silverstein, L., & Auerbach, C. (1999). Deconstructing the essential father. *American Psychologist, 54*, 397-407.

Silverstein, O., & Rashbaum, B. (1994). *The courage to raise good men.* New York: Penguin.

Snarney, J. (1993). *How fathers care for the next generation: A four decade study.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Snarney, J. (1997). Forward: The next generation of work on fathering. In A.J. Hawkins & D.C. Dollahite (Reds.), *Generative fathering: Beyond deficit perspectives* (pp. ix-xii). Thousand Oaks, CA: Sage.

Sroufe, L.A., & Ward, M.J. (1980). Seductive behaviour of mothers of toddlers: Occurence, correlates and family origins. *Child Development, 51*, 1222-1229.

Stone, G., & McKenry, P. (1998). Nonresidential father involvement: A test of a midrange theory. *Journal of Genetic Psychology, 129*, 313-336.

Stryker, S. (1987). Identity theory: Developments and extensions. In K. Yardley & T. Honess (Reds.), *Self and identity: Psychosocial perspectives* (pp. 89-103). New York: John Wiley.

Stryker, S., & Serpe, R.T. (1994). Identity salience and psychological centrality: Equivalent, overlapping, or complementary concepts? *Social Psychology Quarterly, 57*, 16-35.

Summers, J.A., Raikes, H., Butler, J., Spicer, P., Pan, B., & Shaw, S. (1999). Low-income fathers' and mothers' perceptions of the father role: A qualitative study in four early head start communities. *Infant Mental Health Journal, 20*(3), 291-304.

Taylor, S. (2002). *The tending instinct: How nurturing is essential to who we are and how we live.* New York: Times Books.

Thorne, B. (1992). Feminism and the family. In B. Thorne & M. Yalom (Reds.), *Rethinking the family: Some feminist questions* (pp. 3-30). Boston: Northeastern University Press.

Walker, A.J., & McGraw, L.A. (2000). Who is responsible for responsible fathering? *Journal of Marriage and the Family, 62*, 563-569.

Warin, J., Solomon, Y., Lewis, C., & Langford, W. (1999). *Fathers, work, and family life: Family and parenthood, policy and practice.* London: Joseph Rowntree Foundation.

Watergarden (2007). *Background/ History.* Onttrek 10 Oktober, 2007, van http://www.sun.ac.za/watergarden/backg.asp.

Whitchurch, G., & Constantine, L. (1993). Systems theory. In P. Boss, W. Doherty, R. LaRossa, W. Schumm, & S. Steinmetz (Reds.), *Sourcebook of family theories and methods: A conceptual approach* (pp. 325-352). New York: Plenum.

Wood, J.T., & Inman, C.C. (1993). In a different mode: Musculine styles of communicating closeness. *Journal of Applied Communication Research, 21*, 279-295.

Youniss, J., & Ketterlinus, R.D. (1987). Communication and connectedness in mother- and father-adolescent relationships. *Journal of Youth and Adolescents, 16*, 265-279.

Zimmerman, M.A., Salem, D.A., & Notaro, P.C. (2000). Make room for daddy: II. The positive effects of fathers' role in adolescent development. In R.D. Taylor & M.C. Wang (Reds.), *Resilience across contexts: Family, work, culture, and community.* Mahwah, NJ: Erlbaum.

BYLAE 1

Toestemmingsbrief

Naam van kind: _____

Geagte Ouer

My naam is Jan Bodenstein. Ek is ‘n nagraadse-student in die Departement Sielkunde by die Universiteit van Stellenbosch. Ek is tans besig met ‘n ondersoek na die persepsies van seuns oor die betrokkenheid van hulle pa’s in hulle lewens. Met ander woorde ek wil graag uitvind hoe betrokke seuns hulle pa’s sien, en ook wat hulle dink hulle pa’s se pligte moet wees teenoor hulle.

Vir dié doel het ek 18 kinders [in graad 7 en 8] geïdentifiseer wat ek in drie groepe gaan indeel. Twee vrae gaan aan die groepe gevra word vir bespreking, naamlik “Wat doen julle pa’s om deel te wees van julle lewens?” en “Op watter maniere dink jy behoort ‘n pa betrokke te wees in die lewe van sy seun?”, om uit te vind hoe betrokke hulle pa’s in hulle lewens is, en hoe betrokke hulle dink ‘n pa behoort te wees in ‘n seun se lewe.

Die besprekings sal tydens skooltyd plaasvind (toestemming is reeds verkry vanaf die skoolhoof, mnr. Frans) en sal maksimum 90 minute duur. Alle inligting wat deur die groepe verkry word is heeltemal vertroulik, dit wil sê niemand sal weet wie watter antwoorde gegee het nie.

U seun is geïdentifiseer as een van die deelnemers. Ek vra dus graag u toestemming dat u kind mag deelneem aan die aktiwiteit. Indien u toestemming sou gee, dui asseblief so aan in die volgende spasies:

Hiermee gee ek, ..., toestemming dat my seun, ..., aan die bogenoemde aktiwiteite mag deelneem.

Geteken: ..... Datum: .....

Vir enige vrae kontak my gerus by 084 602 8584. U samewerking sal opreg waardeer word.

Vriendelik die uwe

Jan Bodenstein